# INHOUD


DEEL A: ALGEMENE INLIGTING ..... 2

1. OPENBARE ENTITEIT SE ALGEMENE INLIGTING ..... 2
2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME ..... 3
3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER ..... 4
4. OORSIG VAN DIE REKENPLIGTIGE GESAG ..... 5
5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG ..... 7
6. STRATEGIESE OORSIG ..... 8
   6.1 Visie ..... 8
   6.2 Missie ..... 8
   6.3 Waardes ..... 8
7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE ..... 8
8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR ..... 11

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING ..... 12

1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE ..... 12
2. ONTLEDING VAN OMSTANDIGHEDE ..... 12
   2.1 Diensleweringsomgewing ..... 12
   2.2 Organisatoriese omgewing ..... 12
   2.3 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderings ..... 12
   2.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte ..... 12
3. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM/ AKTIWITEIT/ DOELWIT ..... 13
4. INKOMSTEVERKRYGING ..... 14
   4.1 Kapitaalbelegging ..... 15

DEEL C: BESTUUR ..... 16

1. INLEIDING ..... 16
2. PORTEFEULJEKOMITEES ..... 16
3. UITVOERENDE GESAG ..... 16
4. DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE ..... 16
5. RISIKOBESTUUR ..... 22
6. INTERNE BEHEEREENHEID ..... 22
7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES ..... 22
8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES ..... 24
9. BEDROG EN KORRUPSIE ..... 24
10. BEPERKING VAN BELANGEBOTSINGS ..... 24
11. GEDRAGSKODE ..... 25
12. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES ..... 25
13. MAATSKAPPY-/ RAADSEKRETARIS ..... 25
14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID ..... 25
15. OUDITKOMITEEVERSLAG ..... 25

DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR ..... 27

1. INLEIDING ..... 27

DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING ..... 28

1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL ..... 30
   2.1 STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE ..... 31
   2.2 STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE ..... 32
   2.3 STAAT VAN VERANDERINGS IN NETTO BATES ..... 33
   2.4 KONTANTVLOEISTAAT ..... 34
   2.5 STAAT VAN VERGELYKING VAN BEGROTING EN WERKLIKE BEDRAE ..... 35
   2.6 REKENINGKUNDIGE BELEIDE ..... 36-42
   2.7 AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE ..... 43-49

# DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

## 1. OPENBARE ENTITEIT SE ALGEMENE INLIGTING

| | |
|---|---|
| **GEREGISTREERDE NAAM** | Wes-Kaapse Taalkomitee |
| **REGSVORM VAN ENTITEIT** | Skedule 3C Openbare entiteit |
| **AARD VAN BESIGHEID EN BELANGRIKSTE AKTIWITEITE** | Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor; en om die Provinsiale Minister belas met taalaangeleenthede en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) te adviseer oor taalaangeleenthede in die provinsie of wat die provinsie raak |
| **REGISTRASIENOMMER** | n.v.t. |
| **FISIESE ADRES** | 3de Vloer, Protea Assuransie-gebou<br>Groentemarkplein<br>Kaapstad<br>8001 |
| **POSADRES** | Privaatsak X9067<br>Kaapstad<br>8000 |
| **TELEFOONNOMMER/S** | 021 483 9674 |
| **FAKSNOMMER** | 021 483 9673 |
| **E-POSADRES** | Quintus.vandermerwe@westerncape.gov.za |
| **WEBWERFADRES** | www.westerncape.gov.za |
| **EKSTERNE OUDITEURE** | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| **BANKIERS** | Nedbank |
| **MAATSKAPPY-/ RAADSEKRETARIS** | N.v.t. |

## 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| FJS | Finansiële Jaarstate |
| DKES | Departement van Kultuursake en Sport |
| D:ORB | Direktoraat Ondernemings- en Risikobestuur, Departement van die Premier |
| DvdP | Departement van die Premier |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| ORBKOM | Ondernemingsrisikobestuurskomitee |
| AERP | Algemeen Erkende Rekeningkundige Prakryk |
| King III | King-Verslag oor Korporatiewe Bestuur, 2009 |
| LUR | Lid van die (Provinsiale)Uitvoerende Raad |
| NTOSRBR | Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk |
| PanSAT | Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad |
| PERSAL | Personeelsalarisstelsel |
| WOFB | Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 |
| PTK's | Provinsiale taalkomitees |
| PRAESA | Projek vir die Bestudering van Alternatiewe Onderwys in Suid-Afrika, Universiteit van Kaapstad |
| BWBSD | Besoldigde werk buite die staatsdiens |
| SAGT | Suid-Afrikaanse Gebaretaal |
| SKOOR | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| WKR | Wes-Kaapse Regering |
| WKTK | Wes-Kaapse Taalkomitee |

## 3. VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER

As die nuut aangestelde Wes-Kaapse Taalkomitee vir die tydperk beginnende 2015/2016, ooreenkomstig die Wes-Kaapse Talewet (Wet 13 van 1998), het ons dadelik aan die werk gespring. As die Taalkomitee word ons mandaat onder andere gedryf deur konsepte van die 'Reg op 'n taal' en die 'Reg van 'n taal', en hierdie kwessies het tans aktuele kwessies in Suid-Afrika geword. Terwyl die Komitee worstel met sy jaarlikse implementeringsplan, word daar gedurig om ons tafels gepeins oor kritieke vrae soos: Watter soort regverdigheid word bereik wanneer die taal van die aangeklaagde of van getuies swak in Engels vertaal word of selfs verwring word deur die polisiebeamptes of tolk wat deur die hof aangestel is? Wat is die ervaring van mense wat mediese sorg soek by klinieke waar dokters nie in staat is om met pasiënte in hul eie taal te kommunikeer nie? En hoe kom studente wat plattelandse sprekers van Xhosa is oor die weg in 'n akademiese omgewing wat deur Engels oorheers word? Hierdie vrae raak op die een of ander manier sake van maatskaplike geregtigheid en taalkundige menseregte.

Daarbenewens het die Wes-Kaapse Taalkomitee ook oorweging geskenk aan 'n belangrike inisiatief om die taalkundige regte van dowe gemeenskappe te bevorder en te beskerm. Die projek is aangevoer met die stigting van 'n verwysingsgroep en die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Gebaretaalraamwerk. Finale konsultasie en aanvaarding van die Raamwerk word voor die einde van die huidige boekjaar verwag.

Die uwe

_____

**Prof. M Ralarala**
**Voorsitter: Wes-Kaapse Taalkomitee**
**31 Mei 2016**

## 4. OORSIG VAN DIE REKENPLIGTIGE GESAG

- **Inleiding**

Die termyn van drie jaar van die Taalkomitee het op 31 Augustus 2015 tot 'n einde gekom. Soos vereis deur wetgewing het die Staande Komitee van die Wes-Kaapse Parlement openbare prosesse gevolg om nuwe lede aan te stel en is 'n nuwe komitee dan ook deur die Provinsiale Minister van Kultuursake en Sport aangestel.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) is 'n openbare entiteit wat onder die Departement van Kultuursake en Sport resorteer. Dit is op 1 Junie 2001 as 'n Skedule 3, Deel C provinsiale entiteit gelys ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) en is ingevolge die Wes-Kaapse Talewet (Wet 13 van 1998) gestig. Die komitee se aktiwiteite is gerig volgens sy strategiese plan vir vyf jaar en sy jaarlikse prestasieplan.

Gedurende die jaar waaroor daar verslag gelewer word, het die Taalkomitee aanbevelings van die verwysingsgroep oor Suid-Afrikaanse Gebaretaal opgevolg deur die ontwikkeling van 'n operasionele raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap. Die raamwerk is daarop gerig om die noodsaaklikhede ten opsigte van Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Provinsiale Taalbeleid aan te pak. Die besluit hieroor het uit die resultaat van 'n opname wat in die 2014/2015-boekjaar uitgevoer is, gespruit.

Gedurende die jaar onder beskouing het die Taalkomitee die vordering met die implementering van die Taalbeleid in al die Wes-Kaapse Regeringsdepartemente gemonitor. Dit is gedoen in opvolging van 'n opname oor die implementering in die Departement van die Premier in die vorige boekjaar. Dit was ook nodig om die huidige toepaslikheid en die moontlike nodigheid vir hersiening van die Taalbeleid te evalueer. Die finale verslag van die opname en aanbevelings is aan die Minister en die Direkteur-Generaal van die Provinsiale Regering voorgelê en hulle het versoek dat dit aan al die hoofde van departemente deurgestuur word.

- **Algemene finansiële oorsig**

'n Toekenning van R233 000 van bewilligde fondse is van die DKES aan die WKTK oorgedra om sy mandaat uit te voer in die 2015/16-boekjaar. Die toegekende fondse is doeltreffend bestuur ingevolge toepaslike finansiële voorskrifte.

- **Bestedingstendense**

| Program/ aktiwiteit/ doelwit | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Begroting | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding | Begroting | Werklike Besteding | (Oor-)/ Onder-Besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 246 | 776 | 530 | 233 | 238 | (5) |
| **Totaal** | **246** | **776** | ***(530)** | **233** | **238** | (5) |

** Die oorbesteding hou verband met die AERP 23-aanpassings wat vir salarisse (werknemerskoste: R538000) van die finansiële bestuurspersoneel betreffende dienste in natura wat van die department ontvang Is, gedoen is.*

- **Beperkings op kapasiteit**

Daar is geen beperkings op kapasiteit ervaar gedurende die jaar onder beskouing nie.

- **Voorsieningskanaalbestuur**

Daar is geen ongevraagde bodvoorstelle aanvaar in die jaar onder beskouing nie.

Daar is VKB-prosesse en -stelsels in plek om nakoming van VKB-voorskrifte te verseker.

- **Waardering**

Ten slotte wil ek graag waardering uitspreek teenoor die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika wat die finansië jaarstate en prestasie-inligting geouditeer het. Ek spreek ook graag waardering uit teenoor die Ouditkomitee wat 'n kritiese taksering van die finansiële jaarstate gedoen het vir hul oorsigrol oor die finansiële en nie-finansiële resultate van die entiteit oor die hele jaar heen.

Laastens wil ek graag waardering uitspreek teenoor ons Minister, Me Anroux Marais, vir haar strategiese leiding, en teenoor ons vennote in ander regeringsfere en in die openbare gemeenskap.

_____

**Jane Moleleki**
**Rekenpligtige Gesag: Wes-Kaapse Taalkomitee**
**31 Mei 2016**

## 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Die inligting en bedrae wat in die Jaarverslag bekend gemaak word, is in ooreenstemming met die Finansiële Jaarstate wat deur die Ouditeur-Generaal geouditeer is.
- Die Jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.
- Die Jaarverslag is voorberei volgens die riglyne vir jaarverslae wat deur die Nasionale Tesourie verskaf is.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is voorberei in ooreenstemming met die AERP-standaarde van toepassing op die Wes-Kaapse Taalkomitee.
- Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die Finansiële Jaarstate en vir die uitsprake wat in die state gemaak is.
- Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordeliik vir die vestiging en implementering van 'n interne kontrolestelsel wat ontwerp is om redelike versekering te verskaf ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die inligting oor menslike hulpbronne en die Finansiële Jaarstate.
- Eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die Finansiële Jaarstate uit te spreek.

Na my mening is die Jaarverslag 'n redelike weergawe van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die inligting oor menslike hulpbronne en die finansiële sake van die Wes-Kaapse Taalkomitee vir die boekjaar wat eindig aan die einde van Maart 2016.

Die uwe

_____

**Jane Moleleki**
**Rekenpligtige Gesag:**
**Wes-Kaapse Taalkomitee**
**31Mei 2016**

_____

**Prof. M Ralarala**
**Voorsitter:**
**Wes-Kaapse Taalkomitee**
**31 Mei 2016**

## 6. STRATEGIESE OORSIG

### 6.1 Visie

Die bemagtiging van al die mense van die Wes-Kaap deur taal, die versterking van menswaardigheid deur wedersydse respek vir taal, en die bevordering van veeltaligheid.

### 6.2 Missie

Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor; en om die Provinsiale Minister belas met taalaangeleenthede en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad oor taalaangeleenthede in die provinsie of wat die provinsie raak te adviseer.

### 6.3 Waardes

Integriteit, verantwoordbaarheid, vaardigheid, responsiwiteit, sorgsaamheid en vernuwing.

## 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) is deur die Wes-Kaapse Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998) tot stand gebring. Die WKTK is op 1 Junie 2001 as 'n Skedule 3, Deel C provinsiale openbare entiteit gelys ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

*Grondwetlike mandaat*

| Afdeling | Direkte Verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Taalkomitee om voldoening te verseker |
|---|---|
| **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996** | |
| | Die Wes-Kaapse Taalkomitee moet, deur wetgewing en ander maatreëls, die gebruik van amptelike tale reguleer en monitor. Al die amptelike tale moet gelyke aansien geniet en moet gelyk behandel word. Die WKTK is in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport verantwoordelik vir die monitering en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, wat in 2005 aanvaar is, en moet minstens een keer per jaar oor hierdie mandaat aan die Wes-Kaapse Wetgewer verslag lewer. Die DKES hou toesig oor die WKTK en voorsien die Komitee van administratiewe en finansiële ondersteuning. |
| Artikel 30: Taal en kultuur | Die WKTK fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hul taal- en kultuurregte uit te oefen deur die programme en projekte wat dit aanbied en ondersteun. |
| Artikel 31: Kulturele, godsdienstige en taalgemeenskappe | Die WKTK moet verseker dat sy programme en projekte die kulturele diversiteit van die bevolking van die Wes-Kaap respekteer. |
| Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhouding | Die WKTK werk saam met alle sfere van regering in die uitvoering van sy mandaat. |
| Bylaag 4: Funksionele areas van ooreenstemmende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid | Taalbeleid en die regulering van amptelike tale insoverre die bepalings van Artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Wetgewer opdra:<br>• Die WKTK werk nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur en verwante staatsinstellings rakende taalbeleidsaangeleenthede. |
| Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer | DKES-beamptes verantwoordelik vir die uitvoering van die mandaat van die WKTK moet die doeltreffende, ekonomiese en doelmatige gebruik van hulpbronne verseker. Programme wat in die openbare sektor onderneem word, moet die maksimale voordele teen die laagste moontlike prys lewer. |

| Afdeling | Direkte Verantwoordelikheid van die Wes-Kaapse Taalkomitee om voldoening te verseker |
|---|---|
| **Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998)** | |
| Artikel 5 | Die tersaaklike bepalings vir die doeleindes van die WKTK is:<br>(a) Die amptelike tale Afrikaans, Engels en Xhosa moet gebruik word en die tale moet gelyke status geniet.<br>Die WKTK moet die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa in die Wes-Kaap monitor.<br>Die WKTK moet ook praktiese en positiewe maatreëls implementeer wat kan bydra tot die verhoging van die status en gebruik van die inheemse tale van die Wes-Kaap waarvan die status geskiedkundig verminder is. |

### *Wetgewende mandate*

| Wetgewing | Verwysing | Sleutelverantwoordelikhede van die WKTK |
|---|---|---|
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 | Wet 1 van 1999 | Die WKTK lê kwartaallikse en jaarlikse verslae oor sy prestasielewering en geouditeerde finansiële state gebaseer op die strategiese, objektiewe jaarlikse doelwitte vir elke boekjaar voor. |
| Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995 | Wet 59 van 1995 (artikel 8*(a)*) | Die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995, maak daarvoor voorsiening dat provinsiale taalkomitees (PTK's) deur PanSAT gestig kan word of dat bestaande PTK's deur PanSAT as provinsiale komitees erken kan word. PanSAT doen verslag oor die werk van die WKTK as sy PTK vir die Wes-Kaap. Die WKTK adviseer PanSAT aangaande taalaangeleenthede in die Wes-Kaap. |
| Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 | Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap) | Die WKTK moet onder andere:<br>• die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor;<br>• aanbevelings aan die Provinsiale Minister en die Parlement doen oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek op taal in die Wes-Kaap betrekking het;<br>• die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;<br>• die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder;<br>• die Provinsiale Minister en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die Provinsie adviseer,en<br>• PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. |
| Wet op Gebruik van Amptelike Tale, 2012 | Wet 12 van 2012 | Elke nasionale regeringsdepartement, nasionale openbare entiteit en nasionale openbare onderneming moet:<br>• 'n taalbeleid formuleer wat minstens drie amptelike tale identifiseer wat vir regeringsdoeleindes gebruik gaan word;<br>• uiteensit hoe dit doeltreffend gaan kommunikeer met lede van die publiek wie se taalkeuse Suid-Afrikaanse Gebaretaal of 'n amptelike taal is wat nie een van die tale is wat die departement, openbare entiteit of openbare onderneming in sy taalbeleid geïdentifiseer het nie; en<br>• gelykheid van aansien en billike behandeling van amptelike tale van die Republiek bevorder, asook toegang tot sy dienste en inligting fasiliteer.<br>Die nasionale minister verantwoordelik vir taalaangeleenthede kan interregeringsforums stig oor die gebruik van amptelike tale om die implementering van taalbeleide te koördineer, in lyn te bring en te monitor. |
| Wet op Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad, 2014 | Wet 8 van 2014 | Wanneer die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad gevestig is, sal dit die mag hê, onder andere, om taalpraktisyns te registreer en te akkrediteer, om 'n gedragskode in plek te stel en om taalpraktyk te reguleer. |

### *Beleidsmandate*

| Beleid | Beskrywing |
|---|---|
| Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) | Hierdie beleid verskaf aan alle staatsinstellings 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate, met inbegrip van die Wes-Kaapse Taalkomitee. Dit sit ook beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word uiteen. |
| Wes-Kaapse Taalbeleid (gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* as PN 369/2001 van 27 November 2001) | Die WKTK is verplig om die implementering van die beleid te monitor. |

## 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR



# DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

## 1. OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika voer tans die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te verskaf. Die ouditbevinding oor die prestasie ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan die bestuur ingesluit, met geen belangrike bevindinge wat onder die opskrif "Voorafbepaalde Doelwitte" en ander wetlike en regulatoriese vereistes in die tersaaklike afdeling van die ouditeur se verslag gerapporteer word nie.

Verwys na bladsy 28 vir die verslag van die ouditeur wat gepubliseer is as Deel E: Finansiële Inligting.

## 2. ONTLEDING VAN OMSTANDIGHEDE

### 2.1 Diensleweringsomgewing

Die Taalkomitee het voortgegaan om die taalkundige landskap te monitor teen die agtergrond van twee taalverwante wette: die Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012 (Wet 12 van 2012) en die Wet op Taalpraktisynsraad, 2014 (Wet 8 van 2014). Verskillende nasionale departemente en openbare entiteite het konseptaalbeleide voorgelê om aan die bepalings van die Wette te voldoen, hoewel dit nie die werksaamhede van die Taalkomitee direk geraak het nie. Die Taalkomitee handhaaf 'n goeie werkverhouding met die provinsiale verteenwoordiger van PanSAT.

Teen die agtergrond van en eise vir verandering van taalbeleide van tersiêre instellings het die Taalkomitee die situasie gemonitor en ook gehelp met advies oor die ontwikkeling van 'n taalbeleid vir die Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut.

### 2.2 Organisatoriese omgewing

Aangesien die driejaartermyn van die Taalkomitee op 31 Augustus 2015 tot 'n einde gekom het, is daar gevra vir nominasies en is 'n nuwe Taalkomitee ooreenkomstig die Wet deur die Minister aangestel. Die induksievergadering is op 18 November 2015 gehou. Omdat een van die lede doof is, is dit nodig om vir al die vergaderings reëlings vir tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal te tref.

### 2.3 Sleutelbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderings

Daar was geen beleidsontwikkelings of wetgewende veranderings in die afgelope jaar nie. Die Taalkomitee het vordering met die voorlegging van taalbeleide deur nasionale departemente en nasionale openbare entiteite vir kommentaar gemonitor. Die komitee monitor vordering met die stigting van 'n Taalpraktisynsraad soos bepaal deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Taalpraktisynsraad van 2014.

### 2.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Die strategiese doelwit van die WKTK is om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor en om advies te verskaf om die bereiking van hierdie doelwit te fasiliteer.

Al die doelwitte wat in die Jaarlikse Prestasieplan uiteengesit is, is deur die komitee bereik.

| | |
|---|---|
| **Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1** | Monitor die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid |
| **Doelstelling** | Om die monitering van prestasie ten opsigte van die doelwitte van die Taalbeleid binne die Wes-Kaapse Regering te fasiliteer en om gepaste advies te verskaf. |

## 3. PRESTASIE-INLIGTING PER PROGRAM/ AKTIWITEIT/ DOELWIT

**PROGRAM:** Wes-Kaapse Taalkomitee

**BESKRYWING:** Om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Xhosa en Engels, deur die provinsiale regering en deur die plaaslike regerings in die provinsie te monitor.

Die Wes-Kaapse Taalkomitee het voortgegaan om die Taalbeleid van die Wes-Kaap te monitor en om bewustheid omtrent veeltaligheid te bevorder. Die Komitee het bygedra tot die stigting van 'n raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal in die Wes-Kaap. Dowe mense is goed verteenwoordig in die nuwe Taalkomitee met verskillende kundiges oor SA Gebaretaal. Die feit dat die adjunkvoorsitter doof is en vir al die vergaderings Gebaretaaltolke nodig het, verseker dat die fokus op die kommunikasiebehoeftes van dowes hoog op die agenda bly.

Om sy moniteringsverantwoordelikheid na te kom, is 'n opname oor die implementering van die Taalbeleid by al die departemente van die Provinsiale Regering uitgevoer. Die jaar onder beskouing was die tiende jaar van implementering van die Taalbeleid en dit was nodig om die vordering en moontlike amendemente tot die Taalbeleid te oorweeg. Die finale verslag met aanbevelings is aan die Minister en die Direkteur-Generaal van die Provinsiale Regering gestuur, wat versoek het dat dit aan al die departemente deurgestuur moet word.

Die Taalkomitee het voortgegaan om PanSAT en die Provinsiale Minister te adviseer. Te dien einde het gesamentlike vergaderings plaasgevind op 20 Mei 2015, 19 Augustus 2015, 18 November 2015 en 10 Februarie 2016. Die twee subkomitees het gesamentlike vergaderings gehou op 20 Mei 2015 en 19 Augustus 2015. Hierdie vergaderings het onder andere die opdrag vir die opname oor die implementering van die Taalbeleid behandel.

Die Taalkomitee het veeltaligheid bevorder deur die druk en raam van vergrote afskrifte van die goedgekeurde Taalgedragskode in Afrikaans, Engels en Xhosa vir al die provinsiale departemente. Die drie geraamde afskrifte moet op prominente plekke in die onderskeie departemente vertoon word.

***Strategiese doelwit***

| Strategiese Doelwit | Werklike Prestasie 2014/15 | Beplande Teiken 2015/16 | Werklike Prestasie 2015/16 | Afwyking van Beplande Teiken tot Werklike Prestasie vir 2015/16 | Kommentaar oor Afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Monitor en adviseer oor die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid | 14 | 8 | 10 | - | - |

**Sleutel-prestasieaanwysers, beplande teikens en werklike prestasie**

| Prestasieaanwyser | Werklike Prestasie 2014/15 | Beplande Teiken 2015/16 | Werklike Prestasie 2015/16 | Afwyking van Beplande Teiken tot Werklike Prestasie vir 2015/16 | Kommentaar oor Afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal jaarlikse opnames/ bewusmaking-veldtogte wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor | 3 | 2 | 2 | - | - |
| Publiseer Jaarverslag vir die WKTK | 1 | 1 | 1 | - | - |

| Prestasieaanwyser | Werklike Prestasie 2014/15 | Beplande Teiken 2015/16 | Werklike Prestasie 2015/16 | Afwyking van Beplande Teiken tot Werklike Prestasie vir 2015/16 | Kommentaar oor Afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Adviseer die LUR, Wes-Kaapse Kultuurkommissie en die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad oor taal-aangeleenthede deur middel van verslae en besprekings gedurende kwartaallikse gesamentlike vergaderings | 10 * | 6 | 6 | - | - |

**Hierdie getal sluit bykomende subkomiteevergaderings in.*

### Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Daar is geen onderprestasie gedurende die jaar onder beskouing opgeteken nie.

### Veranderinge aan beplande teikens

Daar is geen veranderinge gedurende die jaar onder beskouing aangebring nie.

### Skakeling van prestasie met begrotings

| Program/ aktiwiteit/ doelwit | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Begroting | Werklike Besteding | Oor-(/Onder-) besteding | Begroting | Werklike Besteding | Oor-(/Onder-)besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 246 | 776 | 530 | 233 | 238 | (5) |
| **Totaal** | **246** | **776** | ***(530)** | **233** | **238** | (5) |

** Die oorbesteding hou verband met die AERP 23-aanpassings wat vir salarisse (werknemerskoste: R538 000) van die finansiële bestuurspersoneel gedoen is ten opsigte van dienste in natura wat van die department ontvang is.*

Die fondse wat van die DKES ontvang is, is gebruik om uitgawes in verband met die aktiwiteite van die Taalkomitee te dek, soos bedoel was.

## 4. INKOMSTEVERKRYGING

| Bronne van Inkomste | 2015/16 | | | 2014/15 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Begroting | Werklike Bedrag Ingevorder | Bedrag Oor-(/Onder-) ingevorder | Begroting | Werklike Bedrag Ingevorder | Bedrag Oor-(/Onder-) ingevorder |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Oordragbetaling | 233 | 233 | - | 221 | 221 | - |
| Ander Inkomste | 13 | 557 | 544 | 12 | 44 | 32 |
| **Totaal** | **246** | **790** | ***544** | **233** | **265** | **32** |

***** *Die oorinvordering van inkomste hou verband met die AERP 23-aanpasings wat vir salarisse (dienste in natura: R538 000) van die finansiële bestuurspersoneel gedoen is in verband met dienste in natura wat van die departement ontvang is.*

### 4.1 Kapitaalbelegging

Nie van toepassing nie.

# DEEL C: BESTUUR

## 1. INLEIDING

Bestuur, risikobestuur en nakoming is drie pilare wat saamwerk om te verseker dat die entiteit sy doelwitte bereik. Nakoming van die entiteit se beleide en prosedures, en wette en regulasies wat uitloop op sterk en doeltreffende bestuur word beskou as deurslaggewend vir die entiteit se sukses.

Hierdie verslag gee 'n oorsig van die bestuur wat in die entiteit ingebed is.

## 2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die komitees van die Provinsiale Parlement wat toesig hou oor die WKTK is die Staande Komitee oor Kultuursake en Sport en die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR).

| Vergaderings van Staande Komitees oor Kultuursake en Sport en oor Openbare Rekeninge | |
|---|---|
| **Datum van Verhoor** | **Saak Onder Oorweging** |
| 27 Mei 2015 | Voorlegging oor Wes-Kaapse Taalkomitee met betrekking tot die proses om die vakatures te vul |
| 24 Junie 2015 | Voorlegging oor Vierde Kwaartaallikse Prestasieverslag 2014/2015. |
| 28 Oktober 2015 | Bespreking van Jaarverslag |

## 3. UITVOERENDE GESAG

Agt verslae oor finansiële en nie-finansiële inligting is gedurende die jaar onder beskouing aan die Uitvoerende Gesag voorgelê.

| | |
|---|---|
| **Kwartaallikse Prestasieverslag** | 31 Julie 2015, 31 Oktober 2015, 31 Januarie 2016 en 30 April 2016. |
| **Tussentydse Moniteringsverslag** | 31 Julie 2015, 31 Oktober 2015, 31 Januarie 2016 en 30 April 2016. |

## 4. DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE

### 4.1 Belangrikheid en doel

Al die amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en moet gelykwaardig behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee, in samewerking met die Departement van Kultuursake en Sport, is verantwoordelik vir die monitering en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid en moet minstens een keer per jaar oor hierdie mandaat aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement verslag doen.

### 4.2 Rol

Die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, bepaal dat die WKTK onder andere die volgende moet doen:

- die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor;
- aanbevelings aan die Provinsiale Minister en die Provinsiale Parlement doen oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat direk of indirek op taal in die Wes-Kaap betrekking het;
- die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder;
- die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder;
- die Provinsiale Minister en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die Provinsie adviseer; en
- PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer.

### Raad se grondwet

Die Wes-Kaapse Taalkomitee het nie 'n formele grondwet nie, maar word gerig deur die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet (Wet 13 van 1998).

### Samestelling van die Wes-Kaapse Taalkomitee tot 31 Augustus 2015 (Die termyn van die komitee het op 31 Augustus 2015 geëindig.)

| Naam | Benoeming (t.o.v. die Openbare Entiteit) | Datum Aangestel | Datum Bedank | Kwalifikasies | Gebied van Kundigheid | Raads-direkteur-skappe | Ander Komitees | Aantal verga-derings bygewoon gedurende 2015/16 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Martin Barker | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | BA Hons Engels; Universiteitsonderwys-diploma (Engels en Afrikaans) | Onderrig van Engels op sekondêre vlak | N.v.t. | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 1 |
| Marguerite Briers de Stadler | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | BA, Hoër Onderwysdiploma; Spesiale Diploma vir Mense met Gestremdhede; Diploma in Vertaling; MPhil | Uitvoerende Beampte: Vriende van Afrikaans; Lid: Afrikaanse Taalraad; LidBestuurskomitee en stigterslid: XhosAfrika Netwerk | AfrikaanseTaalraad | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 0 |
| Prof. Rajendra Chetty | Voorsitter | 1 September 2012 | N.v.t. | PhD Engels Onderwys; MA Suid-Afrikaanse Letterkunde; MBA | Navorser in die velde van geletterdheid en taal, veral Engels-onderwys; Raadslid: English Academy of Southern Africa. | N.v.t. | Uitvoerende Komitee<br>Taalbeleid-implementering-subkomitee<br>Navorsing en Ontleding-subkomitee | 5 |
| Willem Fransman | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | Nasionale Diploma in Laboratorium-dieretegnologie | Gepubliseerde digter; skrywer van kortverhale; radio- en verhoogskrywer; storieverteller; fasiliteerder van kreatiewe skryfprosesse. | N.v.t. | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 3 |
| Dr Izak Fredericks | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | BA (Publieke Admin), LLB (UWK), LLM (Harvard), LLD (Universiteit van Wes-Kaapland) | Skrywer: vroeë taalbeleid vir die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling; LLD-tesis: "Die beskerming van tale en van taalregte in die Suid-Afrikaanse Grondwet". | N.v.t. | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 0 |

| Naam | Benoeming (t.o.v. die Openbare Entiteit) | Datum Aangestel | Datum Bedank | Kwalifikasies | Gebied van Kundigheid | Raads-direkteur-skappe | Ander Komitees | Aantal verga-derings bygewoon gedurende 2015/16 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Maria Olivier | Adjunk-voorsitter | 1 September 2012 | N.v.t. | MA Afrikaans en Nederlands spesialiserend in vertaling en Afrikaans taalverwerwing; Sekondêre Onderwysdiploma | Lid: Afrikaanse Taalraad; Lid: Uitvoerende Komitee, XhosAfrika Netwerk; Bestuurder: Intshona Arbeidstrust; voormalige lid: Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans; voormalige Hoof-Uitvoerende Beampte: Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans | N.v.t. | Uitvoerende Komitee<br>Navorsing en Ontleding-subkomitee | 5 |
| Dr Monwabisi Ralarala | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | D Litt (Afrikatale); MA (Afrikatale); BA Honeurs; Nagraadse Diploma: Toegepaste Taalstudies; Hoër Diploma in Onderwys | Institusionele Taalkoördineerder: Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie; taalontwikkeling; Koördineerder van die ontwikkeling van veeltalige kursusmateriaal (insluitende multimediamateriaal) in samewerking met vakkundiges | Kommissaris van die Taalkundige Menseregte-Tribunaal | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 0 |
| Hendrik Theys | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | BA; Hoër Diploma in Onderwys, BEd | Taalonderwyser en –dosent; Trustee: Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans; Uitvoerende lid: Afrikaanse Taalraad | N.v.t. | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 2 |
| Maletsatsi Wotini | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | Diploma in Arbeidswet; Sertifikaat in fasilitering, konflikbestuur | Bestuursmentorskap in multikulturele omgewings | N.v.t. | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 0 |
| Heindrich Wyngaard | Lid | 1 September 2012 | N.v.t. | Nasionale Diploma in Joernalistiek; Sertifikaat in Projekbestuur | Voormalige senior redakteur: Die Burger en Rapport; gepubliseerde skrywer van kortverhale en artikels; voormalige uitvoerende lid: Afrikaanse Skrywersvereniging; Vise-voorsitter: Suidooster Kunstefees | Suidoosterfees<br>Media 24<br>Rachel's Angels Trust<br>Versameling Museum | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 0 |

**Samestelling van die Wes-Kaapse Taalkomitee vanaf 1 November 2015. Hierdie komitee is vir 'n nuwe termyn van drie jaar aangestel.**

| Naam | Benoeming (t.o.v. die Openbare Entiteit) | Datum Aangestel | Datum Bedank | Kwalifikasies | Gebied van Kundigheid | Raads-direkteur-skappe | Ander Komitees | Aantal verga-derings bygewoon geduren-de 2015/16 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Me I Botha | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | Hons B Joernalistiek | Onderrig van Engels | | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 2 |
| Mnr JW Koopman | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | B.Ed (Hons); DE III (Onderwys); ACE VOOWiskunde | Onderrig van Engels | | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 2 |
| Dr DS Le Roux | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | DTech Drama; MA Drama; Hoër Diploma in Onderwys; Hons B Dram; B Dram | Afrikaanse letterkunde, kunste, drama, feesorganisasie | | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 2 |
| Dr Monwabisi Ralarala | Voorsitter | 1 November 2015 | N.v.t. | D Litt (Afrikatale); MA (Afrikatale); BA Honeurs; Nagraadse Diploma: Toegepaste Taalstudies; Hoër Diploma in Onderwys | Institusionele Taalkoördineerder: Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie; taalontwikkeling; Koördineerder van die ontwikkeling van veeltalige kursusmateriaal (insluitende multimediamateriaal) in samewerking met vakkundiges | Kommissaris van die Taalkundige Menseregte-tribunaal | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 2 |

| Naam | Benoeming (t.o.v. die Openbare Entiteit) | Datum Aangestel | Datum Bedank | Kwalifikasies | Gebied van Kundigheid | Raads-direkteur-skappe | Ander Komitees | Aantal verga-derings bygewoon geduren-de 2015/16 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Me S Lotz | Adjunk-voorsitter | 1 November 2015 | N.v.t. | Inleiding tot Inligtingsekuriteit kortkursus by UNISA 2015; Nasionale Sertifikaat in Loonlysadministrasie 2014; HI Hopes (Vroeë Intervensieprogram) 2011; Kreatiewe Denke Rekenaaropleiding en De la Bat Skool vir Dowes, Worcester | SA Gebaretaal | | Taalbeleid-implementering-subkomitee | 2 |
| Mnr S Mazantsi | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | BA Kommunikasie-wetenskap en Nagraadse Diploma in Advertensie- en Mediastudies | Xhosa | | Navorsing en Ontleding-subkomitee en Taalbeleid-implementering-subkomitee | 2 |
| Mnr A van Niekerk | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | BA in Linguistiek; BA (Hons) in Linguistiek (studeer tans);Gebaretaalvaardigh eid-onderhoudevalueerder en 3L Somerskool in Gebaretaallinguistiek | SA Gebaretaal | | Navorsing en Ontleding-subkomitee | 1 |
| Me LT Lesch | Lid | 1 November 2015 | N.v.t. | BA (Taal en Kultuur); BA Hons in Afrikatale (studeer tans) | Afrikaans, Xhosa. | | Taalbeleid-implementering-subkomitee en Navorsing en Ontleding-subkomitee | 2 |

### Vergaderings van die Wes-Kaapse Taalkomitee tot 31 Augustus 2015

| Komitee | Aantal Vergaderings Gehou | Aantal Lede | Name van Lede |
|---|---|---|---|
| **Voltallige Komitee** | 4 | 10 | Dr Monwabisi Ralarala<br>Dr Izak Fredericks<br>Maria Olivier<br>Hendrik Theys<br>Heindrich Wyngaard<br>Prof. Rajendra Chetty<br>Martin Barker<br>Marguerite Briers de Stadler<br>Willem Fransman<br>Maletsatsi Wotini |
| **Uitvoerende Komitee** | 2 | 2 | Prof. Rajendra Chetty<br>Maria Olivier |
| **Navorsing- en Ontledingsubkomitee** | 1 | 5 | Prof. Rajendra Chetty<br>Dr Izak Fredericks<br>Hendrik Theys<br>Heindrich Wyngaard<br>Dr Monwabisi Ralarala |
| **Taalbeleidimplementering-subkomitee** | 3 | 6 | Prof. Rajendra Chetty<br>Martin Barker<br>Marguerite Briers de Stadler<br>Willem Fransman<br>Maletsatsi Wotini<br>Maria Olivier |

### Vergaderings van die Wes-Kaapse Taalkomitee van 31 Augustus 2015 tot 31 Maart 2016

| Komitee | Aantal Vergaderings Gehou | Aantal Lede | Name van Lede |
|---|---|---|---|
| **Voltallige Komitee** | 2 | 9 | Me I Botha, Mnr W Fransman, Mnr JW Koopman, Dr DS Le Roux, Me S Lotz, Mnr S Mazantsi, Dr Monwabisi Ralarala, Mnr A van Niekerk, Me LT Lesch |
| **Uitvoerende Komitee** | 0 | 0 | N.v.t. |
| **Navorsing- en Ontledingsubkomitee** | 0 | 0 | N.v.t. |
| **Taalbeleidimplementering-subkomitee** | 0 | 0 | N.v.t. |

***Vergoeding van lede van die WKTK***

Die diensvoordelepakket vir ampsdraers van sekere statutêre en ander instellings word deur die Minister van Finansies bepaal en in 'n omsendbrief van die Provinsiale Tesourie beskryf. Die voorsitter se vergoeding is R402 per uur, die ondervoorsitter se vergoeding is R272 per uur en die vergoeding vir lede is R230 per uur.

| Naam | Vergoeding R'000 | Ander Toelaes (Reis en Verblyf) R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|
| Barker, M | 1 | 0 | 1 |
| Botha, I | 1 | 1 | 2 |
| Chetty, R | 3 | 1 | 4 |
| Fransman, W | 3 | 1 | 4 |
| Koopman, J | 2 | 0 | 2 |
| le Roux, N | 2 | 1 | 3 |
| Lesch, L | 2 | 0 | 2 |
| Lotz, S | 2 | 0 | 2 |

| Naam | Vergoeding R'000 | Ander Toelaes (Reis en Verblyf) R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|
| Mazantsi, S | 2 | 0 | 2 |
| Olivier, M | 2 | 1 | 3 |
| Ralarala, M | 3 | 0 | 3 |
| Theys, H | 1 | 1 | 2 |
| van Niekerk, A | 2 | 2 | 4 |
| **Totaal** | **26** | **8** | **34** |

## 5. RISIKOBESTUUR

Die Rekenpligtige Gesag (RG) vir die Wes-Kaapse Taalkomitee neem verantwoordelikheid vir die implementering van ondernemingsrisikobestuur (ORB) ooreenkomstig die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuursraamwerk (NTOSRBR) en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) verskaf 'n gesentraliseerde ondersteuningsdiens aan die Departement.

Ter nakoming van die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Risikobestuur (NTOSRB) en om risikobestuur verder in die entiteit te vestig, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) 'n ORB-beleidverklaring aanvaar wat die WKR se algemene bedoeling ten opsigte van ORB verduidelik. Die entiteit het 'n ORB-beleid vir 2015/16 – 2016/17 aanvaar wat op 29 April 2015 deur die Rekenpligtige Beampte van die Departement van Kultuursake en Sport goedgekeur is; en 'n ORB-strategie en Implementeringsplan vir 2015/16 wat op 29 April 2015 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. Die ORB se Implementeringsplan gee uitvoering aan die entiteit se ORB-beleid en –strategie en stippel die rolle en verantwoordelikhede van die bestuur en personeel in die vestiging van risikobestuur in die entiteit uit.

Die entiteit het belangrike risiko's wat 'n uitwerking op die bereiking van sy doelwitte kon hê, beide strategiese en programmatiese risiko's, kwartaalliks geassesseer. Risiko's is geprioritiseer op grond van hul waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) en daar is besluit op bykomende versagting om risiko's tot aanvaarbare vlakke te verminder. Nuwe of ontwikkelende risiko's is tydens die kwartaallikse hersieningprosesse geïdentifiseer.

Die Departement van Kultuursake en Sport het 'n Ondernemingsrisikobestuurskomitee (ORBK) gestig om die Rekenpligtige Gesag by te staan in die uitvoering van haar verantwoordelikhede. Die Komitee het gefunksioneer volgens 'n opdrag wat op 15 Mei 2015 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. ORBK het hoofsaaklik die doeltreffendheid van die versagtingstrategieë wat geïmplementeer is om die risiko's van die departement te behandel geëvalueer en waar nodig verdere optrede aanbeveel.

Die Ouditkomitee het onafhanklike oorsig oor die entiteit se stelsel van risikobestuur verskaf. Die Ouditkomitee is van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoprofiele en registers voorsien om hul onafhanklike oorsigrol te vervul. Die Ouditkomitee se evaluering van die risikobestuursproses was in verhouding tot die vordering met die implementering van die ORB-implementeringsplan en risiko's wat die entiteit en hul betrokke risikoreaksie- of hanteringstrategieë in die gesig staar.

## 6. INTERNE BEHEEREENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om interne beheer deurlopend te assesseer en te evalueer om seker te maak dat die beheeraktiwiteite wat in plek is doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en wanneer nodig bygewerk word. Om dit reg te kry, is daar kwartaallikse sleutelbeheervergaderings gehou met die Ouditeur-Generaal, programbestuurders en die Provinsiale Minister. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Departement skoon oudits verkry.

## 7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en konsultasiedienste wat beplan is om waarde toe te voeg en deurlopend die werkings van die entiteit te verbeter. Dit help die entiteit om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse te verbeter.

**Die volgende sleutelaktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:**

- Assesseer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die bestuursprosesse ter bereiking van die departement se doelwitte;
- Evalueer die genoegsaamheid en doeltreffendheid, en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses;
- Verleen bystand aan die Rekenpligtige Beampte in die handhawing van doeltreffende en doelmatige beheer deur die evaluering van die beheer om die doeltreffendheid en doelmatigheid daarvan te bepaal, en deur die ontwikkeling van aanbevelings vir bevordering en verbetering.

Bestuur van Openbare Entiteite se versekeringsbetrokkenheid is in die 2015/16 Interne Ouditplan goedgekeur.

**Die Ouditkomitee is ingestel as oorsigliggaam wat onafhanklike oorsig oor beheer, risikobestuur en beheerprosesse in die entiteit verskaf, wat oorsig en verantwoordelikhede ten opsigte van die volgende insluit:**

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Rekeningkunde en verslaglewering;
- Rekeningkundige beleide;
- Hersiening van OGSA se bestuurs- en ouditverslag;
- Hersiening van tussentydse monitering;
- Risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Die volgende tabel verskaf tersaaklike inligting oor die lede van die ouditkomitee:

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in die departe-ment | Datum aangestel | Datum bedank | Aantal verga-derings byge-woon |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mnr Ronnie Kingwill | CA(SA); CTA; BCom | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2013 (2de termyn) | 2de termyn het 31 Desember 2015 verstryk | 7 |
| Mnr Mervyn Burton | CA(SA); CFP; B Compt (Hons); B Compt; | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2015 (2de termyn) | N.v.t. | 8 |
| Me Judy Gunther | CIA; AGA; CRMA; Meesters in Koste-rekeningkunde; BCompt | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2016 (2de termyn) | N.v.t. | 8 |
| Mnr Louw van der Merwe | CA(SA); ACMA; CIA; CISA; CRMA | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2013 (2de termyn) | 2de termynhet 31 Desember 2015verstryk | 7 |
| Mnr Francois Barnard | MComm (Belasting); CA(SA); Nagraadse Diploma in | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2016 (2de termyn) | N.v.t. | 8 |

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in die departe-ment | Datum aangestel | Datum bedank | Aantal verga-derings byge-woon |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ouditering; CTA; BCompt (Honeurs); BProc | | | | | |
| Mnr Ameen Amod | MBA, CIA, CGAP, CRMA; BCom (Hons) | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2016 | N.v.t. | 1 |

## 8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Stelsels, beleide en prosesse is in plek om voldoening aan wette en regulasies te verseker.

## 9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n Teenkorrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsie se standpunt van zero verdraagsaamheid ten opsigte van bedrog en korrupsie bevestig. Die Departement het 'n Bedrogvoorkomingsplan en 'n Bedrogvoorkomingsimplementeringsplan goedgekeur wat aan die Bedrogvoorkomingsplan uitvoering gee. Die plan sluit die Wes-Kaapse Taalkomitee in.

Daar is verskillende kanale vir die rapportering van bewerings van bedrog en korrupsie en dit word in besonderhede in die Provinsiale Teenkorrupsiestrategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-Eenheid (PFS) ontvang word, word in 'n Gevallebestuurstelsel opgeteken wat gebruik word as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer van vordering wat gemaak word met gevalle wat met die Departement verband hou en om statistieke vir die Provinsie en Departement te genereer.

Werknemers wat iemand vir vermoedens van bedrog, korrupsie en diefstal verklik, word beskerm as die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. dit voldoen aan statutêre vereistes, bv. dit is in goeder trou gemaak). In hierdie verband is 'n transversale beleid op 24 Februarie 2016 goedgekeur om riglyne aan werknemers te verskaf oor hoe om die gepaste lynbestuur, spesifiek benoemde persone in die WKR of eksterne instellings bewus te maak van verdenkings waar daar redelike basis is om te glo dat oortredings of onbehoorlikhede in die WKR begaan is. Die geleentheid om anoniem te bly, word gebied aan enigeen wat bedrog, diefstal of korrupsie wil rapporteer en as hulle dit persoonlik wil doen, word hul identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Wanneer bedrog of korrupsie na afloop van 'n ondersoek bevestig is, word die werknemer wat aan die dade aandadig was aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In al sodanige gevalle word daar van die WKR se verteenwoordiger wat die dissiplinêre verhoor aanhangig maak, verwag om aan te beveel dat die betrokke werknemer afgedank word. Waar daar *prima facie*-bewyse van kriminele gedrag opgemerk word, word 'n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangemeld.

Vir die tydperk onder beskouing is daar geen sake vir die entiteit gerapporteer nie.

## 10. BEPERKING VAN BELANGEBOTSINGS

Die WKTK verseker dat daar geen botsing van belange is nie deur seker te maak dat 'n Verklaring van Belange (WCBD4-vorm) van elke verskaffer wat nie op die Wes-Kaap se Verskaffersdatabasis /Sentrale Verskaffersdatabasis geregistreer is nie, verkry word.

Provinsiale Tesourie help entiteite om die risiko van botsende belange te verminder waar eienaars of direkteure van maatskappye ook staatsamptenare in die Wes-Kaap is. Dit word gedoen deur inligting van PERSAL (die personeelsalarisstelsel) te verskaf aangaande staatsamptenare wat as eienaars of direkteure van maatskappye geregistreer is. Die entiteit maak seker dat sulke persone 'n goedkeuringsbrief vir Besoldigde Werk Buite die Staatsdiens (BWBS) het voordat daar met hulle sake gedoen word.

Die entiteit het geen botsende belange gevind met enige sake wat met verskaffers gedoen is nie. Indien so 'n konflik wel aan die lig kom, sal die aangeleentheid as 'n geval van bedrieglike voorsieningsbestuursaktiwiteit beskou word en na 'n behoorlike ondersoek sal die verskaffer as 'n nie voorkeurdiensverskaffer geïdentifiseer word.

## 11. GEDRAGSKODE

Die beleid wat deur die DKES geïmplementeer word, sluit die WKTK in.

Die gedragskode word jaarliks onder al die personeellede versprei. Daar word ook inligtingsessies gehou om die inhoud van die gedragskode en hoe dit prakties geïmplementeer moet word te bespreek. Daarbenewens is die Staatsdienskommissie se verduidelikende handboek oor die praktiese implementering van die gedragskode onder die personeel versprei.

## 12. GESONDHEID, VEILIGHEID EN OMGEWINGSKWESSIES

Die DKES verskaf kantoorruimte aan die WKTK, daarom is die beleid wat deur die DKES geïmplementeer word ook op die WKTK van toepassing.

## 13. MAATSKAPPY-/ RAADSEKRETARIS

Nie van toepassing op hierdie entiteit nie.

## 14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Nie van toepassing op hierdie entiteit nie.

## 15. OUDITKOMITEEVERSLAG

Ons bied met genoë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2016 aan.

**Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee**

Die Ouditkomitee doen verslag dat hy sy verantwoordelikhede wat uit Artikel 51 (1) (a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1 spruit, nagekom het. Die Ouditkomitee doen verder ook verslag dat hy 'n gepaste formele opdrag aanvaar het, dat hy sy aktiwiteite in nakoming daarvan gereguleer het, en dat hy al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

**Die Doeltreffendheid van Interne beheer**

Die entiteit word deur die Departement van Kultuursake en Sport bedien en geen tekortkominge aan interne beheer op die entiteitsvlak is gerapporteer nie.

**Tussentydse Bestuurs- en Maandelikse/ Kwartaallikse Prestasieverslae**

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse tussentydse bestuurs- en prestasieverslae wat gedurende die jaar onder beskouing deur die Rekenpligtige Gesag van die entiteit verskaf is ooreenkomstig die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

**Evaluering van Finansiële State**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moes word, nagegaan en met die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Gesag bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en die bestuur se reaksie daarop in oënskou geneem;
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke soos in die finansiële jaarstate gerapporteer is, oorweeg; en
- wesenlike veranderinge wat uit die oudit van die entiteit gespruit het, nagegaan.

**Nakoming**

Die Ouditkomitee het die entiteit se prosesse met die oog op nakoming van wetlike en regulatoriese vereistes nagegaan.

**Prestasie-inligting**

Die Ouditkomitee het die inligting omtrent voorafbepaalde doelwitte soos in die Jaarverslag gerapporteer is, nagegaan.

**Verslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika**

Ons het die entiteit se implementeringsplan kwartaalliks nagegaan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar aangemeld is. Die Ouditkomitee het met OGSA vergader om seker te maak dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese oudit voortgespruit het nie. Regstellende optrede in verband met die gespesifiseerde bevindings wat deur die OGSA aangemeld is, word kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening aangaande die finansiële jaarstate en stel voor dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Ouditkomitee loof die entiteit vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde ouditmening met geen wesenlike bevindings.

**Waardering**

Die Ouditkomitee wil graag sy waardering uitspreek teenoor die bestuur van die entiteit, die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika en die WKR se Korporatiewe Versekeringstak vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag saam te stel.

**Ameen Amod**
**Voorsitter van die Ouditkomitee**
**Wes-Kaapse Taalkomitee**
**Datum: 5 Augustus 2016**

# DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR

## 1. INLEIDING

Daar word oor hierdie statistieke in die Jaarverslag van die Departement van Kultuursake en Sport verslag gedoen.

# DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING

## 1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL

**Verslag van die Ouditeur-Generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor die Wes-Kaapse Taalkomitee.**

### Verslag oor die finansiële state

**Inleiding**

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Taalkomitee soos op bladsye 28-47 uiteengesit, geoudit. Dit sluit die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2016, die staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, staat van kontantvloei en die staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae vir die jaar in, asook die aantekeninge, wat wat uit 'n opsomming van betekenisvolle rekeningkundige beleide en ander verduidelikende inligting bestaan.

**Rekenpligtige gesag se verantwoordelikheid vir die finansiële state**

2. Die rekenpligtige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (SA Standaarde van AERP), die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet No. 1 van 1999) (WOFB) en artikel 19(5) van die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet No. 13 van 1998) (WKPT), asook sodanige interne beheer wat volgens die rekenpligtige gesag nodig is om die voorbereiding van finansiële state sonder wanvoorstellings, hetsy as gevolg van bedrog of foute, te bewerkstellig.

**Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid**

3. Dit is my verantwoordelikheid om 'n mening uit te spreek oor hierdie finansiële state op grond van my oudit. Ek het my oudit gedoen in ooreenkoms met internasionale ouditstandaarde. Daardie standaarde vereis dat ek voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state sonder wesenlike wanvoorstelling is.

4. 'n Oudit behels die uitvoering van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmakings in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word, hang van die ouditeur se oordeel af, insluitende die assessering van die risiko van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy as gevolg van bedrog of foute. Wanneer die risiko-assessering gedoen word, oorweeg die ouditeur interne beheer wat toepaslik is vir die entiteit se voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state om ouditprosedures te ontwerp wat vir die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit sluit ook die evaluering van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleide wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige beramings wat die bestuur gemaak het in, asook die evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

5. Ek is van mening dat die ouditbewyse wat ek verkry het voldoende en geskik is om as 'n basis vir my ouditmening te dien.

**Mening**

6. Dit is my mening dat die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Taalkomitee soos op 31 Maart 2016, en sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar op die datum geëindig, in ooreenstemming met die SA Standaarde van AERP en die vereistes van die WOFB en die WKPT billik weerspieël.

### Verslag oor ander wetlike en regulatoriese vereistes

7. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit, 2004 (Wet No. 25 van 2004) (WOO) en die algemene kennisgewing wat daarvolgens uitgereik is, het ek die verantwoordelikheid om verslag te doen van bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting ten opsigte van die voorafbepaalde doelwitte van geselekteerde strategiese doelwitte wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, nakoming van wetgewing en interne beheer. Die doel van my toetse was om aanmeldbare bevindings soos onder elke subhoof beskryf is, te identifiseer, maar nie om bewyse te vind om versekering oor hierdie aangeleenthede te gee nie. Gevolglik spreek ek nie 'n mening of gevolgtrekking oor die aangeleenthede uit nie.

**Voorafbepaalde doelwitte**

8. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te verkry oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting van die volgende geselekteerde strategiese doelwit wat in die jaarlikse prestasieverslag van die openbare entiteit vir die jaar geëindig 31 Maart 2016 aangebied word:

   - Strategiese doelwit: Monitor en adviseer oor die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid op bladsye 12 tot 13.

9. Ek het die bruikbaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geëvalueer om te bepaal of dit in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie se beginsels vir jaarlikse rapportering was en of die gerapporteerde prestasie in ooreenstemming met die beplande doelwit was. Verder het ek toetse uitgevoer om te bepaal of die aanwysers en teikens goed gedefinieer, bewysbaar, spesifiek, meetbaar, tydgebonde en tersaaklik was, soos vereis word deur die Nasionale Tesourie se Raamwerk vir bestuur van programprestasie-inligting (RBPPI).

10. Ek het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geassesseer om te bepaal of dit geldig, akkuraat en volledig was.

11. Ek het geen wesenlike bevindings oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir die strategiese doelwit: Monitor en adviseer oor die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid gemaak nie.

**Addisionele sake**

12. Hoewel ek geen wesenlike bevindings oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde doelwit geïdentifiseer het nie, wil ek graag die aandag op die volgende vestig:

Bereiking van beplande teikens

13. Verwys na die jaarlikse prestasieverslag op bladsye12 tot 13 vir inligting oor die bereiking van beplande teikens vir die jaar.

**Voldoening aan wetgewing**

14. Ek het prosedures uitgevoer om bewyse te verkry dat die openbare entiteit aan toepaslike wetgewing met betrekking tot finansiële sake, finansiële bestuur en ander verwante sake voldoen het. Ek het geen gevalle van nievoldoening aan spesifieke sake in sleutelwetgewing, soos in die algemene kennisgewing wat volgens die WOO uitgereik is, geïdentifiseer nie.

**Interne beheer**

15. Ek het interne beheer soos van toepassing vir my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en voldoening aan wetgewing oorweeg. Ek het geen wesenlike gebreke in interne beheer geïdentifiseer nie.

Kaapstad

29 Julie 2016

AUDITOR-GENERAL SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

# 2. FINANSIËLE JAARSTATE

## Wes-Kaapse Taalkomitee

Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2016

## 2.1 Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Maart 2016

| | Nota(s) | 2016 R '000 | 2015 R '000 |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Kontant en kontantekwivalente | 3 | 329 | 304 |
| **Totale Bates** | | **329** | **304** |
| **Laste** | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Bedrae betaalbaar van uitruiltransaksies | 4 | 69 | 58 |
| **Totale Laste** | | **69** | **58** |
| **Netto Bates** | | **260** | **246** |
| Opgehoopte Surplus | | 260 | 246 |

## 2.2 Staat van Finansiële Prestasie

| | Nota(s) | 2016 R '000 | 2015 R '000 |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| **Inkomste van uitruiltransaksies** | | | |
| Inkomste van rente | 5 | 19 | 14 |
| **Totale inkomste van uitruiltransaksies** | | **19** | **14** |
| **Inkomste van nie-uitruiltransaksies** | | | |
| Ander bedryfsinkomste -korting | 6 | - | 30 |
| Ander inkomste van nie-uitruiltransaksies | 7 | 538 | - |
| Oordragte en subsidies ontvang | 8 | 233 | 221 |
| **Totale inkomste van nie-uitruiltransaksies** | | **771** | **251** |
| **Totale inkomste** | | **790** | **265** |
| **Uitgawes** | | | |
| Ouditgelde | 9 | (60) | (122) |
| Algemene uitgawes | 10 | (690) | (94) |
| Ledegelde | 11 | (26) | (22) |
| **Totale uitgawes** | | **(776)** | **(238)** |
| **Surplus vir die jaar** | | **14** | **27** |

## 2.3 Staat van Veranderinge in Netto bates

| | Opgehoopte surplus R '000 | Totale netto bates R '000 |
|---|---|---|
| **Balans op 01 April 2014** | **219** | **219** |
| Veranderinge in netto bates | | |
| Surplus vir die jaar | 27 | 27 |
| Totale veranderinge | 27 | 27 |
| **Balans op 01 April 2015** | **246** | **246** |
| Veranderings in netto bates | | |
| Surplus vir die jaar | 14 | 14 |
| Totale veranderinge | 14 | 14 |
| **Balans op 31 Maart 2016** | **260** | **260** |

# 2.4 Kontantvloeistaat

| | Nota(s) | 2016 R '000 | 2015 R '000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite** | | | |
| **Ontvangste** | | | |
| Kontant ontvangste | | 233 | 221 |
| Rente-inkomste | | 19 | 14 |
| | | 252 | 235 |
| **Betalings** | | | |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | (227) | (155) |
| **Netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite** | 12 | **25** | **80** |
| **Netto toename/ afname in kontant en kontantekwivalente** | | **25** | **80** |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | 304 | 224 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 3 | **329** | **304** |

# 2.5 Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae

**Begroting op Kontantbasis**

| | Goedgekeurde begroting | Aansuiwerings | Finale begroting | Werklike bedrae op vergelykbare basis | Verskil tussen finale en werklike begroting | Verwysing (nota 16) |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | R '000 | R '000 | R '000 | R '000 | R '000 | |
| **Staat van Finansiële Prestasie** | | | | | | |
| **Inkomste** | | | | | | |
| **Inkomste van uitruiltransaksies** | | | | | | |
| Inkomste van rente | 13 | - | **13** | 19 | **6** | 16.1 |
| **Inkomste van nie-uitruiltransaksies** | | | | | | |
| Ander inkomste van nie-uitruiltransaksies | - | - | **-** | 538 | **538** | 16.2 |
| Oortragte en subsidies ontvang | 233 | - | **233** | 233 | **-** | |
| **Totale inkomste van nie-uitruiltransaksies** | **233** | **-** | **233** | **771** | **538** | |
| **Totale inkomste** | **246** | **-** | **246** | **790** | **544** | |
| **Uitgawes** | | | | | | |
| Ledegelde | (46) | - | **(46)** | (26) | **20** | 16.3 |
| Ouditgelde | (55) | - | **(55)** | (60) | **(5)** | 16.4 |
| Algemene uitgawes | (145) | - | **(145)** | (690) | **(545)** | 16.4 |
| **Totale uitgawes** | **(246)** | **-** | **(246)** | **(776)** | **(530)** | |
| **Surplus** | **-** | **-** | **-** | **14** | **14** | |
| **Werklike Bedrag op Vergelykende Grondslag soos Aangetoon in die Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae** | **-** | **-** | **-** | **14** | **14** | |
| **Rekonsiliasie (moet openbaar Gemaak word as werklike nie op vergelykbare basis met begroting is nie)** | | | | | | |
| **Basisverskil** | | | | | | |
| Bedryf | | | | 14 | | |
| **Tydsverskil** | | | | | | |
| Bedryf | | | | - | | |
| **Entiteitverskil** | | | | | | |
| Bedryf | | | | - | | |
| **Werklike Bedrag in die Staat van Finansiële Prestasie** | | | | **14** | | |

# 2.6 Rekeningkundige Beleide

**1. Aanbieding van Finansiële Jaarstate**

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP), insluitende enige interpretasies, riglyne en aanwysings wat deur die Raad vir Rekeningkundige Standaarde in ooreenstemming met Artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999), en die Tesourieregulasies volgens die Wet uitgereik is.

Die finansiële jaarstate is voorberei op 'n aanwasbasis van rekeningkunde en is in ooreenstemming met die historiese kostekonvensie as die basis van meting, tensy anders gespesifiseer. Hulle word aangebied in Suid-Afrikaanse Rand.

Al die bedrae is afgerond tot die naaste duisend.

**1.1 Aannames van 'n lopende saak**

Die finansiële jaarstate is voorberei op grond van die verwagting dat die entiteit vir minstens die volgende 12 maande sal voortgaan om as 'n lopende saak te funksioneer.

**1.2 Onsekerheid van betekenisvolle menings en bronne van skatting**

Die entiteit maak skattings en aannames omtrent die toekoms. Die gevolglike rekeningkundige skattings sal per definisie selde gelyk wees aan die verwante werklike resultate. Skattings en menings word deurlopend geëvalueer en is gebaseer op historiese ondervinding en ander faktore, insluitende verwagtinge van toekomstige gebeure wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Die skattings en aannames wat 'n betekenisvolle risiko inhou om in die volgende boekjaar 'n wesenlike aanpassing aan die oorgedraagde bedrae van bates en laste te veroorsaak, word vervolgens bespreek.

**Ontvangbare rekenings**

Die entiteit assesseer sy ontvangbare rekenings vir waardedaling aan die einde van elke rapporteringstydperk. In die bepaling of 'n waardedaling as surplus of 'n verlies opgeteken moet word, vorm die entiteit menings ten opsigte van of daar waarneembare data is wat 'n meetbare vermindering in die geskatte toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate bestaan.

Die waardedaling vir ontvangbare rekenings word bereken op 'n portefeuljebasis, gebaseer op historiese verliesratio's, aangepas vir nasionale en bedryfspesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers teenwoordig teen die datum van verslagdoening wat ooreenstem met wanprestering in die portefeulje. Die jaarlikse verliesratio's word toegepas op saldo's in die portefeulje en afgeskaal tot die geskatte tydperk van opkomende verlies.

**Voorsiening vir waardedaling**

Daar word 'n skatting van die waardedaling van ontvangbare rekenings gemaak wanneer die ontvangs van die volle bedrag nie meer waarskynlik is nie. Die voorsiening vir skuld weens waardedaling word net op handelsinkomste bereken. Die totale voorsiening van die entiteit word per individuele debiteur of ten minste per risikokategorie bereken.

**1.3 Finansiële instrumente**

Die finansiële instrumente van die entiteit word gekategoriseer as óf finansiële bates óf laste.

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat aanleiding gee tot 'n finansiële bate van een entiteit en 'n finansiële las of 'n oorblywende belang van 'n ander entiteit.

Die geamortiseerde koste van 'n finansiële bate of finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet word teen aanvanklike erkenning minus kapitaalterugbetalings, plus of minus die kumulatiewe delging, bereken met die effektiewerentemetode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die opeisbare bedrag, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening) vir waardedaling of oninbaarheid.

Rentkoersrisiko is die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument sal fluktueer as gevolg van veranderinge in markrentekoerse.

Lenings, uitsluitende die wat op die kort termyn volgens normale kredietvoorwaardes betaalbaar is, is finansiële laste.

# Rekeningkundige Beleide

### 1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

**Klassifikasie**

Die entiteit het die volgende tipes finansiële bates (klasse en kategorieë) soos gereflekteer in die staat van die finansiële posisie of in die notas daarby:

| Klas | Kategorie |
|---|---|
| Kontant en kontantekwivalente | Finansiële bate gemeet teen delgingskoste |

Die entiteit het die volgende tipes finansiële laste (klasse en kategorieë) soos gereflekteer in die staat van die finansiële posisie of in die notas daarby:

| Klas | Kategorie |
|---|---|
| Laste van uitruiltransaksies | Finansiële las gemeet teen geamortiseerde koste |

**Aanvanklike meting van finansiële bates en finansiële laste**

Die entiteit meet 'n finansiële bate en 'n finansiële las, buiten dié wat later teen billike waarde gemeet word, aanvanklik teen billike waarde plus transaksiekoste wat direk aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate of finansiële las toegeskryf kan word.

Die entiteit meet alle ander finansiële bates en finansiële laste aanvanklik teen billike waarde.

Die entiteit bepaal eers of 'n konsessielening werklik 'n lening is. By aanvanklike erkenning ontleed die entiteit 'n konsessielening in sy samestellende dele en gee van elke deel afsonderlik rekenskap. Die entiteit gee rekenskap van die deel van 'n konsessielening wat die volgende is:

- 'n maatskaplike voordeel ooreenkomstig die Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële State, waar hy die uitreiker van die lening is; of
- nie-uitruiltransaksie-inkomste, ooreenkomstig die Standaard van AERP in verband met Inkomste van Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte) waar dit die ontvanger van die lening is.

# Rekeningkundige Beleide

**1.3 Finansiële instrumente (vervolg)**

**Volgende meting van finansiële bates en finansiële laste**

Die entiteit meet al die finansiële bates en finansiële laste na aanvanklike erkenning met behulp van die volgende kategorieë:

- Finansiële instrumente teen billike waarde
- Finansiële instrumente teen geamortiseerde koste
- Finansiële instrumente teen kosprys

Al die finansiële bates wat teen geamortiseerde koste of kosprys gemeet is, is onderhewig aan waardedalinghersiening.

Die geamortiseerde koste van 'n finansiële bate of 'n finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet is by aanvanklike erkenning minus terugbetalings van die hoofskuld, plus of minus die kumulatiewe amortisering bereken met behulp van die effektiewerentemetode van enige verskil tussen die aanvanklike bedrag en die opeisbare bedrag, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening) vir waardedaling of oninbaarheid in die geval van 'n finansiële bate.

**Oorwegings by meting van billike waarde**

Die beste bewyse van billike waarde is gekwoteerde pryse soos in 'n aktiewe mark. Indien die mark vir 'n finansiële instrument nie aktief is nie, bepaal die entiteit billike waarde met behulp van 'n waardasietegniek. Die doel van die gebruik van 'n waardasietegniek is om vas te stel wat die transaksieprys sou wees op die datum van meting in 'n transaksie op armslengte gemotiveer deur normale bedryfsoorwegings. Waardasietegnieke sluit die gebruik van armslengtemarktransaksies tussen ingeligte, gewillige partye, indien beskikbaar, verwysing na die heersende billike waarde van 'n ander instrument wat in hoofsaak dieselfde is, gediskonteerde kontantvloei-ontleding en opsieprysbepalingsmodelle in. Indien daar 'n waardasietegniek is wat oor die algemeen deur deelnemers aan die mark gebruik word om die instrument se prys te bepaal en daar bewys is dat die tegniek betroubare skattings van pryse in die werklike mark verskaf, gebruik die entiteit die tegniek. Die gekose waardasietegniek maak maksimale gebruik van markinsette en maak so min as moontlik staat op entiteitspesifieke insette. Dit inkorporeer al die faktore wat markdeelnemers sou oorweeg in die bepaling van 'n prys en is aanvaarde ekonomiese metodologieë vir die bepaling van pryse van finansiële instrumente. Die entiteit kalibreer die waardasietegniek van tyd tot tyd en toets dit vir geldigheid met behulp van pryse van enige waarneembare heersende marktransaksies in dieselfde instrument (d.w.s. sonder aanpassings of herverpakking) of gebaseer op enige beskikbare markdata.

Bedrae wat op die kort termyn ontvangbaar of betaalbaar is word nie gediskonteer waar die aanvanklike krediettydperk wat toegestaan is in ooreenstemming is met voorwaardes wat in die openbare sektor gebruik word nie, hetsy deur gevestigde praktyke of wetgewing.

**Waardedaling en oninbaarheid van finansiële bates**

Die entiteit assesseer aan die einde van elke verslagdoeningstydperk of daar enige objektiewe bewyse is dat 'n finansiële bate of groep finansiële bates se waarde gedaal het.

Vir bedrae aan die entiteit verskuldig, word wesenlike finansiële probleme van die inbare bedrag, waarskynlikheid dat die inbare in bankrotskap sal gaan en versuim om te betaal almal beskou as aanduidings van waardedaling.

Finansiële bates gemeet teen geamortiseerde koste:

Indien daar objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedalingverlies in finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet is, plaasgevind het, word die koste van die verlies gemeet as die verskil tussen die drabedrag van die bate en die heersende waarde van geskatte toekomstige kontantvloei (met uitsluiting van toekomstige kredietverliese wat nog nie plaasgevind het nie) gediskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewerentekoers. Die drabedrag van die bate word verminder deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening. Die bedrag van die verlies word erken in surplus of tekort.

Indien die bedrag van die waardedaling in 'n volgende tydperk verminder en die vermindering objektief toegeskryf kan word aan 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedaling erken is, word die voorheen erkende waardedaling omgeswaai deur 'n voorsieningsrekening aan te pas. Die omswaaiing lei nie tot 'n drabedrag van die finansiële bate wat meer is as wat die geamortiseerde koste sou wees as die waardedaling nie erken is teen die datum waarop die waardedaling omgeswaai is nie. Die bedrag van die omswaaiing word erken in surplus of tekort.

Waar finansiële bates se waarde daal deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening, word die bedrag van die verlies erken in surplus of tekort in bedryfsuitgawes. Wanneer sodanige finansiële bates afgeskryf word, word dit gedoen teen die betrokke voorsieningsrekening. Latere invorderings van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes gekrediteer.

Finansiële bates gemeet teen kosprys:

# Rekeningkundige Beleide

**1.3 Finansiële instrumente (vervolg)**

Indien daar objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedaling by 'n belegging in 'n oorblywende belang wat nie teen billike waarde gemeet is nie, omdat sy billike waarde nie betroubaar gemeet kan word nie, voorgekom het, word die waardedalingverlies gemeet as die verskil tussen die drabedrag van die finansiële bate en die heersende waarde van geskatte toekomstige kontantvloei gediskonteer teen die heersende markwaarde van inkomste vir 'n soortgelyke finansiële bate. Sodanige waardedalingverliese word nie omgeswaai nie.

**De-erkenning**

**Finansiële bates**

Die entiteit de-erken finansiële bates met behulp van handelsdatumrekeningkunde.

Die entiteit de-erken 'n finansiële bate net wanneer:

- die kontraktuele regte tot die kontantvloei van die finansiële bate verval, betaal of kwytgeskeld is;
- die entiteit al die risiko's en vergoeding van eienaarskap van die finansiële bate aan 'n ander party oordra; of
- die entiteit, ten spyte van behoud van wesenlike risiko's en vergoeding van eienaarskap van die finansiële bate, beheer van die bate aan 'n ander party oorgedra het en die ander party die praktiese vermoë het om die bate in geheel aan 'n nieverwante derde party te verkoop, en in staat is om daardie vermoë eensydig en sonder die nodigheid om bykomende beperkings op die oordrag te plaas, uit te oefen. In hierdie geval:
  - de-erken die entiteit die bate; en
  - erken die entiteit enige regte en verpligtinge wat in die oordrag geskep of behou is, afsonderlik.

Die drabedrag van die oorgedraagde bate word toegeken tussen die regte of verpligtinge wat behou word en dié wat oorgedra is op grond van hul relatiewe billike waardes op die datum van oordrag. Nuut geskepte regte en verpligtinge word gemeet teen hul billike waarde op daardie datum. Enige verskil tussen die storting wat ontvang word en die bedrae wat erken en de-erken is, word in surplus of tekort in die tydperk van die oordrag erken.

By die de-erkenning van 'n finansiële bate in sy geheel, word die verskil tussen die drabedrag en die som van die storting wat ontvang is, erken in surplus of tekort.

**Finansiële laste**

Die entiteit verwyder 'n finansiële las (of deel van 'n finansiële las) van sy staat van finansiële posisie wanneer dit uitgewis is – d.w.s. wanneer die verpligting wat in die kontrak gespesifiseer is, uitgevoer is, gekanselleer is, verval het of kwytgeskeld is.

'n Uitruiling tussen 'n bestaande lener en uitlener van debietinstrumente met wesenlik verskillende voorwaardes word in rekening gebring asof die oorspronklike finansiële las uitgewis is en 'n nuwe finansiële las erken word. Net so word 'n wesenlike aanpassing van die voorwaardes van 'n bestaande finansiële las of 'n deel daarvan erken asof die oorspronklike finansiële las uitgewis is en 'n nuwe finansiële las erken word.

Die verskil tussen die drabedrag van 'n finansiële las (of deel van 'n finansiële las) wat uitgewis of na 'n ander party oorgedra is, en die storting wat betaal is, insluitende enige niekontantbates wat oorgedra is of laste wat aanvaar is, word erken in surplus of tekort. Enige laste wat kwytgeskeld, vergewe of deur 'n ander party aanvaar is deur middel van 'n nie-uitruiltransaksie, word in rekening gebring in ooreenstemming met die Standaard van AERP op Inkomste van Nie-uitruiltransaksies (Belastings en Oordragte).

**1.4 Leningkoste**

Leningkoste is rente en ander uitgawes wat deur die entiteit aangegaan word in verband met die leen van fondse.

Leningkoste word erken as 'n uitgawe in die tydperk waartydens hulle aangegaan is.

**1.5 Statutêre ontvangbare rekeninge**

Statutêre ontvangbares is onvangbares wat:

- voortspruit uit wetgewing, ondersteunende regulasies, of soortgelyke maniere; en
- vereffening in kontant of ander finansiële bate deur 'n ander entiteit vereis.

Statutêre ontvangbares vorm inkomste ontvangbaar van eiendomsbelasting, boetes, strafgelde, toekennings en gelde wat ingevolge wetgewing gehef word.

Die entiteit erken statutêre ontvangbares soos volg:

- as die transaksie 'n uitruiltransaksie is, met behulp van AERP 9;

# Rekeningkundige Beleide

**1.5 Statutêre ontvangbares (vervolg)**

- as die transaksie 'n nie-uitruilingtransaksie is nie, met behulp van AERP 23;
- as die transaksie nie binne die bestek van óf AERP 9 óf AERP 23 is nie, word die ontvangbare erken wanneer:
  - die definisie van 'n bate bereik is; en
  - dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele- of dienstepotensiaal met die bate geassosieer na die entiteit sal vloei en die transaksiebedrag betroubaar gemeet kan word.

Die entiteit meet 'n statutêre ontvangbare aanvanklik teen sy transaksiebedrag.

Die entiteit meet alle statutêre ontvangbares na aanvanklike erkenning met behulp van die kostemetode.

Onder die kostemetode word die bedrag wat aanvanklik erken is net later verander om die volgende te reflekteer:

- rente of ander koste wat met die ontvangbare opgeloop het;
- waardedaling; en
- bedrae wat gede-erken word.

Die entiteit assesseer aan die einde van elke rapportetingsperiode of daar objektiewe bewyse is dat 'n statutêre ontvangbare of groep statutêre ontvangbares se waarde gedaal het.

Vir bedrae wat aan die entiteit betaalbaar is, word wesenlike finansiële probleme van die ontvangbare, waarskynlikheid dat die ontvangbare in bankrotskap sal gaan en verstekbetalings almal beskou as aanduidings van waardedaling.

As daar objektiewe bewyse is dat 'n waardedalingverlies by statutêre ontvangbares voorgekom het, word die waarde van die verliesgemeet as die verskil tussen die bate se drabedrag en die geskatte toekomstige kontantvloei – gediskonteer as die effek van diskontering wesenlik is – met behulp van 'n koers wat die heersende risikovrye koers reflekteer, en indien roepaslik, enige risiko spesifiek aan die statutêre ontvangbare of groep statutêre ontvangbares, waarvoor die toekomstige kontantvloeiskattings nog nie aangepas is nie.

Die drabedrag van die bate word verminder deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening. Die bedrag van die verlies word erken in surplus of tekort.

Indien die bedrag van 'n waardedalingverlies gedurende 'n later tydperk afneem en die afname objektief aan 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedaling erken is, toegeskryf kan word, word die voorheen erkende waardedalingverlies omgeswaai deur die kortingrekening aan te pas. Die omswaaiing lei nie tot 'n drabedrag van die statutêre ontvangbare wat meer is as wat die geamortiseerde koste sou wees as die waardedaling erken was op die datum waarop die waardedaling omgeswaai is nie. Die bedrag van die omswaaiing word in surplus of tekort erken.

Waar statutêre ontvangbares se waarde daal deur die gebruik van 'n voorsieningsrekening, word die waarde van die verlies in surplus of tekort in die bedryfsuitgawes erken. Wanneer sodanige ontvangbares afgeskryf word, word dit gedoen teen die betrokke voorsieningsrekening. Latere verhaling van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word teen bedryfsuitgawes gekrediteer.

Die entiteit de-erken 'n statutêre ontvangbare wanneer:

- die regte tot die kontantvloei van die statutêre ontvangbares betaal, verval of vrygeskeld is;
- die entiteit in wese al die risiko's en voordele van eienaarskap van die ontvangbare na 'n ander party oordra;
- die entiteit, ten spite daarvan dat sommige wesenlike risiko's en voordele van eienaarskap van die ontvangbare behou is, beheer van die ontvangbare in geheel aan 'n nieverwante derde party oorgedra het, en in staat is om die vermoë eensydig te vervul, sonder om bykomende beperkings op die oordrag te plaas. In hierdie geval:
  - de-erken die entiteit die ontvangbare; en
  - erken die entiteit enige regte en verpligtinge geskep of behou in die oordrag afsonderlik.

Die drabedrag van die oordgedraagde bate word toegeken tussen die regte of verpligtinge wat behou word en dié wat oorgedra word op die basis van hul onderskeie billike waardes op die datum van oordrag. Nuutgeskepte regte en verpligtinge word oorweeg vir insluiting binne die bestek van AERP 104 of 'n ander standaard van AERP. Enige verskille tussen die storting wat ontvang word en bedrae wat erken en gede-erken word, word in die tydperk van oordrag in surplus of tekort erken.

# Rekeningkundige Beleide

### 1.6 Werknemersvoordele

**Korttermynwerknemersvoordele**

Korttermynwerknemersvoordele is werknemersvoordele (anders as beëindigingsvoordele) wat binne 12 maande na die einde van die tydperk waarin die werknemer die betrokke dienste gelewer het, uitbetaal moet word.

Korttermynwerknemersvoordele sluit items soos die volgende in:

- lone, salarisse en maatskaplike sekuriteitsbydraes;
- korttermyngekompenseerde afwesighede (soos betaalde jaarlikse verlof en betaalde siekteverlof) waar die vergoeding vir die afwesigheid binne 12 maande na die einde van die rapporteringstydperk waarin die werknemer die betrokke diens gelewer het, betaal moet word;
- bonus- en aansporings- en prestasieverwante betalings betaalbaar binne 12 maande na die einde van die rapporteringstydperk waarin die werknemer die betrokke diens gelewer het; en
- niemonetêre voordele (byvoorbeeld mediese sorg en gratis of gesubsideerde goedere of dienste soos behuising, motors en selfone) vir werknemers in diens.

Wanneer 'n werknemer gedurende 'n rapporteringstydperk dienste aan die entiteit gelewer het, erken die entiteit die ongediskonteerde bedrag van korttermynwerknemersvoordele wat verwag word om betaal te word in ruil vir die diens:

- as 'n las (opgeloopte uitgawe), na aftrekking van enige bedrag wat reeds betaal is. Indien die bedrag wat reeds betaal is meer is as die ongediskonteerde bedrag van die voordele, erken die entiteit die oorskryding as 'n bate (voorafbetaalde uitgawe) in die mate waartoe die voorafbetaling mag lei, byvoorbeeld 'n vermindering in toekomstige betalings of 'n kontantterugbetaling; en
- as 'n uitgawe, tensy 'n ander Standaard die insluiting van die voordele in die koste van 'n bate vereis of toelaat.

Die verwagte koste van gekompenseerde afwesighede word erken as 'n uitgawe aangesien die werknemers dienste lewer wat hul geregtigheid vermeerder of, in die geval van nie-oplopende afwesighede, wanneer die afwesigheid plaasvind. Die entiteit meet die verwagte koste van oplopende gekompenseerde afwesighede as die bykomende bedrag wat die entiteit verwag om te betaal as gevolg van die onbenutte geregtigheid wat teen die rapporteringsdatum opgeloop het.

Die entiteit erken die verwagte koste van 'n bonus en aansporings- en prestasieverwante betalings wanneer die entiteit 'n teenwoordige wetlike of konstruktiewe verpligting het om sodanige betalings te doen as gevolg van vorige gebeurtenisse en 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word. 'n Teenwoordige verpligting bestaan wanneer die entiteit geen realistiese alternatief het anders as om die betalings te maak nie.

### 1.7 Inkomste van uitruiltransaksies

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die storting wat ontvang of ontvangbaar is. Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word, en spesifieke kriteria vir die entieit se aktiwiteite bereik is. Inkomste van die lewering van dienste word erken in surplus of tekort in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie teen die rapporteringsdatum.

Die bedrag word nie as betroubaar meetbaar beskou voor alle gebeurlikhede wat met die transaksie verband hou, opgelos is nie.

**Meting**

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die storting wat ontvang of betaalbaar is, netto van handelsafslag en volumekortings.

**Rente, tantième en dividende**

Rente word in surplus of tekort erken met behulp van die effektiewerentekoersmetode.

### 1.8 Inkomste van nie-uitruiltransaksies

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die storting wat ontvang of ontvangbaar is. Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word, en daar aan spesifieke kriteria vir die entiteit se aktiwiteite voldoen is. Inkomste van die lewering van dienste word in surplus of tekort erken in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie teen die rapporteringsdatum.

Die bedrag word nie as betroubaar meetbaar beskou voor alle gebeurlikhede wat met die transaksie verband hou, opgelos is nie.

# Rekeningkundige Beleide

### 1.8 Inkomste van nie-uitruiltransaksies (vervolg)

**Erkenning**

'n Invloei van hulpbronne van 'n nie-uitruiltransaksie erken as 'n bate word erken as inkomste, behalwe in die mate waartoe 'n las ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.

Aangesien die entiteit 'n bestaande verpligting wat as 'n las erken word ten opsigte van 'n inloei van hulpbronne van 'n nie-uitruiltransaksie wat as 'n bate erken is, betaal, verminder dit die drabedrag van die las wat erken is en erken dit 'n bedrag van inkomste gelyk aan die vermindering.

Inkomste ontvang van voorwaardelike toelaes, donasies en befondsing word erken as inkomste in die mate waartoe die entiteit enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge vervat in die ooreenkoms nagekom het. In die mate waartoe die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word 'n las erken.

**Meting**

Inkomste van 'n nie-uitruilbare transaksie word gemeet teen die bedrag van die toename in netto bates wat deur die entiteit erken word.

Wanneer die entiteit 'n bate erken as gevolg van 'n nie-uitruilbare transaksie, erken die entiteit 'n bate, en dit erken ook inkomste gelyk aan die bedrag van die bate wat teen sy billike waarde gemeet word soos op die datum van verkryging, tensy dit ook nodig is om 'n las te erken. Waar 'n las erken moet word, word dit gemeet as die beste skatting van die bedrag benodig om die verpligting te betaal teen die rapporteringsdatum, en as die bedrag van die toename in netto bates, indien enige, as inkomste erken word. Wanneer 'n las later verminder word omdat die belasbare gebeurtenis plaasvind of 'n voorwaarde nagekom is, word die bedrag van die las as inkomste erken.

**Voorwaardelike toelaes en ontvangste**

Inkomste wat van voorwaardelike toelaes, donasies en befondsing ontvang word, word as inkomste erken in die mate waartoe die entiteit enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge in die ooreenkoms vervat nagekom het. In die mate waartoe die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word 'n las erken.

Rente wat met 'n belegging verdien is, word in ooreenstemming met toelaevoorwaardes behandel. Indien dit aan die toekenner betaalbaar is, word dit erken as deel van die las en indien nie, word dit erken as rente verdien in die staat van finansiële prestasie.

Toelaes wat die entiteit vergoed vir uitgawes wat aangegaan is, word erken in surplus of tekort op 'n sistematiese basis in dieselfde tydperke waarin die uitgawes erken word.

**Dienste in natura**

Dienste in natura is dienste wat sonder koste deur individue aan entiteite gelewer word, maar kan onderhewig wees aan bepalings. Personeel van 'n openbare entiteit verskaf waardevolle ondersteuning in die bereiking van sy doelwitte. Die diens kan betroubaar gemeet word, daarom word dit in die staat van finansiële prestasie erken en in die notas by die finansiële state openbaar gemaak.

### 1.9 Omrekeninge van buitelandse geldeenhede

**Buitelandse geldeenheidtransaksies**

Transaksies wat in buitelandse geldeenhede gedomineer word, word teen die heersende wisselkoers op die datum van die transaksie omgereken. Monetêre items gedomineer in buitelandse geldeenhede word omgereken teen die heersende wisselkoers op die rapporteringsdatum. Winste of verliese wat uit transaksies spruit word gedebiteer teen surplus of tekort.

### 1.10 Vergelykbare bedrae

Geen vergelykbare bedrae is in die jaar herklassifiseer om met veranderinge in die aanbieding ooreen te stem nie.

### 1.11 Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die staat van finansiële posisie as 'n bate erken totdat die uitgawe van die verantwoordelike persoon verhaal is of in die staat van finansiële prestasie afgeskryf is.

# Rekeningkundige Beleide

**1.12 Onreëlmatige uitgawes**

Onreëlmatige uitgawes word as uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawes nie deur die betrokke gesag gekondoneer word nie, word dit as 'n bate behandel totdat dit verhaal of as oninbaar afgeskryf word.

**1.13 Opgeloopte surplus**

Die opgeloopte surplus verteenwordig die netto verskil tussen die totale bates en die totale laste van die entiteit. Enige surplusse en tekorte wat gedurende 'n spesifieke boekjaar gerealiseer is, word teen opgeloopte surplus/ tekort gekrediteer/ gedebiteer. Die vorige jaar se aanpassings ten opsigte van inkomste en uitgawes word teen opgeloopte surplus gedebiteer/ gekrediteer wanneer retrospektiewe aanpassings gemaak word.

**1.14 Begrotinginligting**

Die goedgekeurde begroting is volgens die grondslag van oploping voorberei en volgens ekonomiese klassifikasie gekoppel aan doelwitte van prestasie-uitkomste, aangebied.

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 2015/04/01 tot 2016/03/31.

Die finansiële jaarstate en die begroting is op dieselfde grondslag van rekeningkunde, daarom is 'n vergelyking met die begrote bedrae vir die rapporteringstydperk in die staat van vergelyking tussen begrote en werklike bedrae ingesluit.

**1.15 Verwante partye**

'n Verwante party is 'n persoon of entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of om wesenlike invloed op die ander party uit te oefen, of omgekeer, of 'n entiteit wat aan gemeenskaplike of gesamentlike beheer onderhewig is.

Bestuur is die persone wat verantwoordelik is vir die beplanning, leiding en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitende dié aan wie die bestuur van die entiteit in ooreenstemming met wetgewing opgedra is in gevalle waar dit nodig is dat hulle sodanige funksies moet vervul.

Naby familielede van 'n persoon word beskou as dié familielede van wie daar verwag kan word dat hulle die bestuur in hul omgang met die entiteit kan beïnvloed of deur hulle beïnvloed kan word.

Net transaksies met verwante partye teen armslengte of nie in die gewone gang van besigheid word openbaar gemaak.

**1.16 Gebeure na die rapporteringsdatum**

Gebeure na die rapporteringsdatum is dié gebeure, beide gunstig en ongunstig, wat plaasvind tussen die rapporteringsdatum en die datum waarop die finansiële state vir uitreiking gemagtig word. Twee tipes gebeurtenisse kan geïdentifiseer word:

- dié wat bewyse van voorwaardes wat teen die rapporteringsdatum bestaan het, verskaf (en gebeurtenisse na die rapporteringsdatum aanpas); en;
- dié wat aanduidend is van voorwaardes wat ontstaan het na die rapporteringsdatum (wat gebeurtenisse nie na die rapporteringsdatum aanpas nie).

Die entiteit pas die bedrag wat in die finansiële state erken word aan nadat die gebeurtenis voorgekom het om aanpassende gebeure na die rapporteringsdatum te reflekteer.

Die entiteit maak die aard van die gebeurtenis openbaar saam met 'n beraming van sy finansiële effek of 'n verklaring dat sodanige beraming nie ten opsigte van alle wesenlike nie-aanpassingsgebeurtenisse gemaak kan word nie, waar nie-openbaarmaking die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van die finansiële state geneem is, kon beïnvloed.

**1.17 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)**

Die entiteit is vrygestel van registrasie vir BTW. Indien enige befondsing ontvang word wat vereis dat die entiteit as 'n BTW-verkoper moet registreer, sal sodanige aansoek ingedien word.

# 2.7 Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|

**2. Nuwe standaarde en interpretasies**

**2.1 Standaarde en interpretasies effektief en aanvaar in die jaar onder beskouing**

In die jaar onder beskouing het die entiteit die volgende standaarde en interpretasies wat vir die boekjaar effektief was en wat op sy werksaamhede van toepassing was, aanvaar:

| Standaard/ Interpretasie: | Effektiewe datum: Jare beginnend op of na | Verwagte impak: |
|---|---|---|
| • AERP 1 (soos gewysig 2015): Aanbieding van Finansiële State | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 2 (soos gewysig 2015): Kontantvloeistate | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 3 (soos gewysig 2015): Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Skattings en Foute | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 7 (soos gewysig 2015): Beleggings in Geassosieerdes | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 10 (soos gewysig 2015): Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 11 (soos gewysig 2015): Konstruksiekontrakte | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 13 (soos gewysig 2015): Huurkontrakte | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 17 (soos gewysig 2015): Eiendom, Installasie en Toerusting | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 19 (soos gewysig 2015): Voorwaardes, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Moontlike Bates | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 21 (soos gewysig 2015): Waardedaling van Niekontantgenererende Bates | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 23 (soos gewysig 2015): Inkomste van Nie-uitruilingstransaksies | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 24 (soos gewysig 2015): Aanbieding van Begrotingsinligting in Finansiële State | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 25 (soos gewysig 2015): Werknemersvoordele | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 26 (soos gewysig 2015): Waardedaling van Kontantgenererende Bates | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 31 (soos gewysig 2015): Ontasbare Bates | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 103 (soos gewysig 2015): Erfnisbates | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 104 (soos gewysig 2015): Finansiële Instrumente | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

**2. Nuwe standaarde en interpretasies (vervolg)**

| | | |
|---|---|---|
| • AERP 18: Segmentrapportering | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 105: Oordragte van Funksies Tussen Entiteite Onder Gemeenskaplike beheer | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 106: Oordragte van Funksies Tussen Entiteite nie Onder Gemeenskaplike Beheer nie | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 107: Samesmeltings | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • Aanwysing 11: Veranderings in Metingsbasisse na die Aaanvanklike Aanvaarding van die Standaarde van AERP | 01 April 2015 | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |

**2.2 Standaarde en interpretasies wat uitgereik is maar nog nie effektief is nie**

Die entiteit het nie die volgende standaarde en interpretasies wat gepubliseer is en verpligtend is vir die entiteit se rekeningkundige tydperk beginnende op of na 01 April 2016 of latere tydperke, toegepas nie:

| **Standaard/ Interpretasie:** | **Effektiewe datum: Jare beginnend op of na** | **Verwagte impak:** |
|---|---|---|
| • AERP 20: Verwante Partye | Geen effektiewe datum | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 32: Dienskonsessiereëlings: Toekenner | Geen effektiewe datum | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 108: Statutêre Ontvangbare Rekeninge | Geen effektiewe datum | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 109: Rekeningkunde deur Prinsipale en Agente | Geen effektiewe datum | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |
| • AERP 17: Dienskonsessiereëlings waar 'n Toekenner 'n Wesenlike Residuele Belang in 'n Bate Beheer | Geen effektiewe datum | Die impak van die wysiging is nie wesenlik nie. |

**3. Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

| | | |
|---|---|---|
| Bankbalanse | 329 | 304 |

**Kredietgehalte van kontant op bank- en korttermyndeposito's, uitsluitende kontant voorhande**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en korttermyn-, hoëlikiditeitsbeleggings wat by geregistreerde bankinstellings gehou word met termyne van drie maande of minder en wat onderhewig is aan niewesenlike rentekoersrisiko, waarvan die drabedrag naby hul billike waarde is.

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|
| **4. Laste van uitruilransaksies** | | |
| Laste van handel | 69 | 58 |
| Laste word geklassifiseer teen amortiseringskoste. Die drabedrag van laste is naby hul billike waarde. | | |
| **5. Rente-inkomste** | | |
| Rente ontvang | 19 | 14 |
| **6. Ander bedryfsinkomste** | | |
| Korting: Ouditgelde | - | 30 |
| **7. Ander inkomste van nie-uitruiltransaksies** | | |
| Donasie: dienste in natura | 538 | - |
| Vir besonderhede oor die donasie: dienste in natura verwys na die verduideliking in nota 10. | | |
| **8. Oordragte en subsidies ontvang** | | |
| Oordrag ontvang | 233 | 221 |
| **9. Ouditgelde** | | |
| Eksterne oudit | 60 | 122 |
| Die vermindering is as gevolg van die wesenlike vermindering in ouditgelde vir die openbare entiteit. | | |

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|
| **10. Algemene uitgawes** | | |
| Advertensies | 14 | 6 |
| Bankkoste | 1 | 1 |
| Konsultasie- en professionele gelde | 60 | - |
| Vermaak | 18 | 21 |
| Werknemerskoste: dienste in natura | 538 | - |
| Taalbevorderingsprojekte | - | 20 |
| Drukwerk en publikasies | 45 | 35 |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | 4 | 2 |
| Intekenings- en ledegelde | 2 | 4 |
| Vertalings | - | - |
| Vervoer | - | - |
| Reis en verblyf | 8 | 5 |
| | **690** | **94** |

**Konsultasie- en professionele gelde:**
Die uitgawe is as gevolg van 'n opname wat gedoen is oor die gebruik van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap. Die opname is aan professionele konsultante uitgekontrakteer.

**Werknemerskoste: Dienste in natura:**
Beamptes van die Departement van Kultuursake en Sport vervul die uitvoerende en administratiewe funksies geassosieer met die Wes-Kaapse Taalkomitee. Departementele personeel wat die openbare entiteit ondersteun, sluit die volgende in: die Hoof-Finansiële Beampte, Direkteur: Kultuursake, lynfunksie in die genoemde direktoraat, asook 'n benoemde Finansiële Bestuurspan wat die Hoof- Finansiële Beampte ondersteun. Terwyl die lynfunksiepersoneel en senior bestuurders 'n dubbele rol vervul, is die finansiële bestuurspan aan die openbare entiteit toegewys. Weens die dubbele rol wat deur die meeste van die genoemde personeel vervul word, is dit moeilik om die tyd wat aan die openbare entiteite bestee word te bepaal. Gevolglik kan die dienste in natura ten opsigte van hul salarisse nie betroubaar gemeet word nie. Daarom hou die erkenning net verband met die toegewyde finansiële span wat die HFB in die uitvoering van haar rol as HFB van die openbare entiteit en die Departement ondersteun. Die waardes verteenwoordig daarom net die dienste in natura wat deur die finansiële span gelewer word.

| | | |
|---|---|---|
| **11. Ledegelde** | | |
| Barker, M | 1 | 2 |
| Botha, I | 2 | - |
| Chetty, Prof. R | 2 | 5 |
| De Stadler, M | - | 3 |
| Fransman, W | 3 | 2 |
| Fredericks, I | - | 1 |
| Koopman, J | 2 | - |
| Lesch, L | 2 | - |
| Le Roux, Dr. N | 2 | - |
| Lotz, S | 2 | - |
| Mazantsi, S | 2 | - |
| Olivier, M | 2 | 3 |
| Ralarala, Prof. M | 3 | 3 |
| Theys, H | 1 | 2 |
| Van Niekerk, A | 2 | - |
| Wotini, M | - | - |
| Wyngaard, H | - | 1 |
| | **26** | **22** |

| | | |
|---|---|---|
| **12. Kontant van bedrywighede gegenereer** | | |
| Surplus | 14 | 27 |
| **Verandering in bedryfskapitaal:** | | |
| Laste van uitruiltransaksies | 11 | 53 |
| | **25** | **80** |

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|

**13. Verwante partye**

| | |
|---|---|
| Verhoudings | |
| Primêre befondser | Departement van Kultuursake en Sport |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Kultuurkommissie |
| Strategiese vennoot | Erfenis Wes-Kaap |
| Sekondêre befondser | Nasionale Tesourie |

**Aard van verhouding**

Beamptes van die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap vervul die uitvoerende en administratiewe funksies geassosieer met die Wes-Kaapse Taalkomitee.

Die entiteit word gehuisves in die akkommodasie van die Departement van Kultuursake en Sport en het toegang tot die gebruik van hul bates en sekuriteitsdienste wat deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid verskaf word.

Nasionale Tesourie het die ouditgelde van die Wes-Kaapse Taalkomitee gesubsidieer.

**Verwantepartytransaksies**

| | | |
|---|---|---|
| **Inkomste ontvang van verwante partye** | | |
| Departement van Kultuursake en Sport | 233 | 221 |
| Nasionale Tesourie | - | 30 |

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|

### 14. Risikobestuur

Die entiteit se aktiwiteite stel die entiteit aan verskillende finansiële risiko's bloot: markrisiko (billike waarde rentekoers risiko, kontantvloei rentekoers risiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

**Likiditeitsrisiko**

Likiditeitsrisiko is die risiko dat die entiteit nie in staat sal wees om sy finansiële verpligtinge wanneer hulle betaalbaar is, na te kom nie. Ingevolge sy leningsvereistes verseker die entiteit dat daar voldoende fondse beskikbaar is om aan sy verwagte en onverwagte finansiële verpligtinge te voldoen. Alle uitstaande rekeninge se betaalbare balanse is binne 30 dae na die rapporteringsdatum betaalbaar.

**Sensitiwiteitsontleding**

As die rentekoers op veranderlike rentekoers finansiële instrumente teen 31 Maart 2016 1% hoër/laer was, met al die ander veranderlikes konstant gehou, sou die surplus vir die jaar R310 hoër/laer gewees het.

**Kredietrisiko**

Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty sy kontraktuele verpligtinge sal versuim en dit tot finansiële verlies vir die entiteit sal lei. Die entiteit het 'n beleid aanvaar om net met kredietwaardige partye sake te doen.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die entiteit deponeer kontant net by groot banke met hoë kredietstatus en beperk blootstelling aan enige teenparty.

Geen kredietbeperkings is gedurende die rapporteringstydperk oorskry nie en die bestuur verwag nie verliese deur nieprestasie van hierdie teenpartye nie.

**Maksimum blootstelling aan kredietrisiko**

Die entiteit se blootstelling aan kredietrisiko ten opsigte van lenings en ontvangbares word beperk tot die bedrae op die

balansstaat.

**Markrisiko**

Die entiteit is nie aan markrisiko blootgestel nie as gevolg daarvan dat die krediteure binne 30 dae na ontvangs van fakture betaal moet word soos vereis deur die tesourieregulasies en die WOFB.

**Rentekoersrisiko**

Die entiteit se risikoprofiel bestaan uit vaste en swewendekoerslenings en bankbalanse wat die entiteit blootstel aan billikewaarde-rentekoersrisiko en kontantvloeirentekoersrisiko en soos volg opgesom kan word:

**Finansiële bates**

Handels- en ander ontvangbares is teen 'n vaste koers. Die bestuur beheer rentekoersrisiko deur gunstige koerse vir swewendekoerslenings te onderhandel en waar moontlik vastekoerslenings aan te gaan.

Die bestuur het ook 'n beleid om die rente op batelenings met die rente betaalbaar op laste te balanseer.

# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

| | 2016<br>R '000 | 2015<br>R '000 |
|---|---|---|

**14. Riskikobestuur (vervolg)**

**Kontantvloei-rentekoersrisiko**

| Finansiële instrument | Lopend | Betaalbaar in minder as een jaar | Betaalbaar in een tot twee jaar | Betaalbaar in twee tot drie jaar | Betaalbaar in drie tot vier jaar | Betaalbaar na vyf jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Normale kredietvoorwaardes | - | 329 | - | - | - | - |
| Kontant in lopende bankrekeninge | | | | | | |
| Betaalbare laste - Verlengde kredietvoorwaardes | - | (69) | - | - | - | - |
| Netto bedrag | - | 260 | - | - | - | - |
| Laat vir betaling maar sonder voorsiening daarvoor | - | - | - | - | - | - |

**15. Gebeure na die rapporteringsdatum**

Daar is geen aanpassingsgebeurtenisse na die rapporteringsdatum geïdentifiseer nie.

**16. Begrotingsverskille**

**Wesenlike verskille tussen begroting en werklike bedrae**

**16.1 Rente-inkomste**
Die variansie is toe te skryf aan die verhoging van die rentekoers.

**16.2 Ander inkomste van nie-uitruiltransaksies**
Die variansie kan toegeskryf word aan AERP 23-donasie/ -werknemerskosteaanpassings wat vir dienste in natura ontvang van die Departement van Kultuursake en Sport gemaak is. Verwys na nota 7 vir besonderhede.

**16.3 Ledegelde**
Die variansie kan daaraan toegeskryf word dat daar begroot is vir vergaderings wat 'n volle 8-uur dag duur, terwyl sommige minder as 8 uur geduur het.

**16.4 Algemene uitgawes**
Die variansie kan toegeskryf word aan AERP 23-donasie/ werknemerskosteaanpassings wat vir dienste in natura ontvang van die Departement van Kultuursake en Sport gemaak is. Verwys na nota 10 vir besonderhede.